



Stellenbosch


UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

SENAATSVERSLAG

van die Viserektor:
Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies

Prof TE Cloete
Maart 2022






Inhoud

Organogram.....	4
Inleiding.....	5
1. 'n Florerende Universiteit Stellenbosch.....	5
1.1 Nasionale Navorsingstigting- (NNS-) toekennings vir gevestigde navorsers.....	5
1.2 NNS-program vir vroeë-loopbaan akademici.....	6
1.3 Derde geldstroom.....	6
2. 'n Transformerende studente-ervaring.....	9
2.1 Magister- en doktrale inskrywings en grade toegeken.....	9
2.2 Raad vir Hoër Onderwys- (RHO-) nasionale oorsig van doktorsgrade: jongste.....	10
2.3 Nagraadse studentesteun.....	10
2.4 Die Nagraadse Kantoor se sosialemedia-voetspoor.....	12
2.5 Institusionele opleidingskursus vir akademiese studieleiers.....	12
2.6 Nagraadse befondsing.....	14
2.7 Nasionale Navorsingstigting- (NNS-)beursprogram.....	14
2.8 Die Universiteit Stellenbosch Nagraadse Beursprogram.....	14
2.9 Gesogte studiebeurse toegeken.....	15
2.10 Aanvraag na digitale inhoud.....	15
2.11 Inwerkingstelling van SUNLearn- geïntegreerde kursusleeslyststelsel.....	15
2.12 Opleiding aan voorgraadse studente.....	16
2.13 #SmartResearcher-werksessies.....	16
2.14 Biblioteekgidse.....	16
2.15 Vra 'n bibliotekaris en gesels met ons.....	17
2.16 Biblioteeknavorsingsweek.....	17
3. Doelgerigte vennootskappe en inklusiewe netwerke.....	18
3.1 HB en MJ Thom-toekennings vir studieverlof vir akademiese personeel.....	18
3.2 EU-gesteunde navorsingtoekennings.....	18
3.2.1 Horizon Europe.....	18
3.2.2 EU-SA onderlinge samewerking befonds deur die afdeling vir sosiale impak (ASI).....	18
3.2.3 US Biblioteek-Simposium.....	18
4. Onderrig en leer wat in 'n netwerk gesitueer en samewerkend is.....	20
5. Navorsing vir impak.....	20
5.1 Navorsingsuitsette.....	20
5.2 Innovasie.....	20
5.2.1 Auda-Nepad/WNNR, Us Sentrum Van Uitnemendheid In Natuurwetenskap, Tegnologie en Innovasie (SVE-WTI).....	20
5.3 'Research at Stellenbosch University' op Facebook en Twitter.....	22
5.4 Universiteit Stellenbosch Kennisgidse: stel kundigheid oop vir die wêreld.....	22
5.5 Research at Stellenbosch University-publikasie (Research@SUN).....	24
5.6 Uitgelese professors aan die US.....	24
5.7 US-vroue in navorsing.....	25
5.8 Navorsingsleerstoele en sentrums van uitnemendheid (SVU's).....	26
5.9 Stellenbosch Forum-lesingreeks 2021.....	26
5.10 Navorsingsindaba-reeds.....	27
5.11 Nuwe dwarsliggende navorsingsentiteite.....	28
5.11.1 Universiteit Stellenbosch Skool Vir Klimaatstudie.....	28
5.11.2 Skool vir Datawetenskap en Rekenaardienke.....	28
5.11.3 Biomediese Navorsingsinstituut (BMNI).....	29
5.12 Feite en Syfers oor Navorsing.....	30
5.13 Researcher Persona op My.SUN.....	30
5.14 Navorsingsinligtingspakket.....	30
5.15 Navorsingsteun by die BID.....	31
5.15.1 Digitale Vakkundigheid.....	31

5.15.2	Digitale Humaniora	33
5.15.3	Ooptoegangweek	33
5.15.4	Ooptoegangpublikasiefonds	33
5.15.5	Navorsingsdatadienste	33
6.	Werkgewer van voorkeur	35
6.1	Toekennings en pryse	35
6.1.1	Draper-gedenkmedalje	35
6.1.2	Highly Cited Researchers 2021	35
6.1.3	FVSA- lewenslange toekenning	35
6.1.4	Grand Challenges Africa-toekenning	36
6.1.5	SAIIE-toekenning vir Uitnemende Onderrig en Leer in Bedryfsingenieurswese	36
6.1.6	Toekenning vir Uitnemende Onderrig in Struktuuringenieurswese (ESEEA)	36
6.1.7	Nobelprys vir Letterkunde	36
6.1.8	NNS-toekennings	37
6.1.9	NSTF/South32-toekennings: finaliste	37
6.1.10	ATKV-Woordveertjie-toekennings	38
6.1.11	2021-commendatio van Japannese Minister van Buitelandse Sake	38
6.1.12	Toekenning vir Sosiale Wetenskappe en Humaniora	38
6.1.13	Franse ridderskap in landbou	38
6.2	Genootskappe en toekennings	38
6.2.1	L'Oréal-UNESCO-toekennings	38
6.2.2	EDCTP-vennootskap	38
6.2.3	GC Africa-navorsingstoekenning	38
6.2.4	IMW-beurs om 'n meesterwynmaker te raak	39
6.2.5	Genootskap aan die Peter Wall-instituut, Universiteit van Brits-Columbië	39
6.2.6	Raikes-medalje van die Suid-Afrikaanse Chemiese Instituut (SACI)	39
6.2.7	Harry Oppenheimer-genootskap 2020	39
6.2.8	Fulbright-navorsingstudiebeurs	40
6.2.9	Navorsingstoekenning deur die VK- mediese navorsingsraad (UKMRC)	40
6.2.10	EDCTP-toekenning vir nuweling- tot midloopbaannavorsers	40
6.2.11	NIH- en EDCTP-beurse om pediatriese tuberkulose te bestudeer	40
6.2.12	L'Oréal Vir Vroue in die Wetenskap-genootskap	40
6.2.13	NIH-toekenning: die uitwerking van blootstelling aan MIV en ARV-terapie op kinders	40
6.3	ECAD-program vir die ontwikkeling van nuwelingakademici	41
6.4	US Nadoktorale Navorsingsgenoot-program	41
6.5	Nadoktorale studies in 2021	41
6.5.1	Demografie van nadoktorale genote	41
6.5.2	Finansiële aangeleenthede	42
6.5.3	Afname in NNS-befondsde genootskappe	42
6.5.4	Suider-Afrikaanse Konferensie oor Nadoktorale Navorsing	42
6.5.5	Toekennings vir Nadoktorale Genote aan 20 topgenote	42
6.6	Merkwaardige nadoktorale prestasies en pryse	43
6.7	Nuwe aanstellings	43
6.8	Groeiende getalle Consolidocs	44
6.9	Ondersteuning vir die US se groeiende getal uitsonderlike NNS-gegradeerde navorsers	44
6.11	Toekomstige Professors-program (TPP)	44
6.12	SARCHI-leerstoele hernu	45
6.13	ANO kapasiteitsbouprogram en -inligtingsessies	45
7.	Bedankings	45

Organogram

Verantwoordelikhedsentrum van die Viserektor:
Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies (VR: NI&NS)



Inleiding

Die portefeulje Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies (NI&NS) het oor die afgelope tien jaar van krag tot krag gegaan en daarmee die Universiteit Stellenbosch (US) as die voorste navorsingsintensiewe universiteit in Suid-Afrika geposisioneer. Ek skryf dit toe aan 'n merkwaardige spanpoging. Daarom wil ek graag erkenning en krediet gee aan die dekan, die visedekane: Navorsing en die senior direkteure in my verantwoordelikhedsentrum (VS) sowel as US-navorsers in die algemeen vir hulle inisiatief en toewyding. Ek waardeer ook die ondersteuning van die Rektooraat en die Raad.

Die US het in 2018 die instelling se Strategiese Raamwerk 2019–2024 en Visie 2040 aanvaar.

Visie 2040 lui: "Die Universiteit Stellenbosch sal Afrika se voorste navorsingsintensiewe universiteit wees wat wêreldwyd as uitnemend, inklusief en innoverend erken word en waar ons kennis tot diens van die samelewing bevorder."

Die US is 'n plek van ontdekking en uitnemendheid, waar personeel en studente denkleiers is wat kennis tot diens van alle belanghebbendes bevorder. Die US se missie is om uitmuntende studente te lok, talentvolle personeel aan te stel en 'n wêreldklasomgewing te bied – "n plek wat met die wêreld verbind is en gemeenskappe plaaslik, op die vasteland en in die res van die wêreld verryk en transformeer" (Strategiese Raamwerk 2019–2024).

Daarom is navorsing vir impak een van die ses institusionele kern- strategiese temas in die US se Strategiese Raamwerk 2019–2024. Navorsing vir impak by die US impliseer dat ons die wetenskaplike, ekonomiese, maatskaplike, vakkundige en kulturele impak van ons navorsing optimaliseer. Die klem val op interdisiplinêre navorsing wat die samelewing oor die land, vasteland en wêreld heen baat. Terselfdertyd is ons verbind tot basiese en vakkundige navorsingsuitnemendheid, want dit is waarop toegepaste sowel as translasionele navorsing berus.

Navorsing aan die US word voortgestu deur die gedagte van uitnemendheid in tandem met tersaaklikheid, en word gerig deur diversiteit wat mense en idees betref. Die US wil dit bereik deur uitnemendheid na te streef, op die voorpunt van die instelling se gekose fokusgebiede te bly, reputasie op grond van navorsingsuitsette te bou en ondernemend, innoverend en selfvernuwend te wees. Dit verg 'n fyn ewewig tussen kontinuïteit en konsekwentheid aan die een kant, en transformasie en vernuwing van die US se akademiese navorserskohort aan die ander. In ons navorsingswerk streef ons immers nie net na akademiese sukses nie, maar ook daarna om betekenisvolle impak op die wêreld te hê.

Die VS: NI&NS streef hierdie doelstellings daadwerklik na. Deur middel van die werksaamhede van ons onderskeie afdelings het hierdie VS die Universiteit se status as navorsingsleier in 2021 versterk en die instelling se intellektuele kapitaal opgebou, soos die

res van hierdie verslag sal aantoon. Die verslag is aan die hand die ses temas van die Strategiese Raamwerk en die institusionele doelstellings vir elke tema saamgestel.

1. 'n Florerende Universiteit Stellenbosch

Die institusionele doelstellings vir hierdie tema is:

- Kweek 'n US wat gekenmerk word deur inklusiwiteit, diep en doelbewuste transformasie, en diversiteit.
- Skep geleenthede vir die bevordering van meertaligheid in akademiese, administratiewe, professionele en sosiale omgewings, en erken terselfdertyd die intellektuele rykdom wat in taaldiversiteit opgesluit lê.
- Verander die grootte, vorm en samestelling van ons studentekorps en van ons akademiese programme om die strategiese rigting van ons visie te weerspieël.
- Skep 'n finansiële volhoubare organisasie.
- Verhoog die standaard van die Universiteit se fasiliteite en infrastruktuur na dié van 'n wêreldklas- navorsingsintensiewe universiteit, wat terselfdertyd visuele regstelling omarm.
- Bewerkstellig diepgaande en volhoubare verandering en vernuwing in alle fasette en funksies van die US om soepel, aanpasbaar en responsief te wees.
- Streef daarna om 'n toonaangewende, navorsingsintensiewe universiteit te wees, wat teen 2024 op ranglyste ingesluit word as 'n voorste wêreldklasuniversiteit.
- Skep 'n entrepreneurskultuur wat innovasie institusioneel bevorder.

1.1 Nasionale Navorsingstigting- (NNS)-toekennings vir gevestigde navorsers

Die US het 29 nuwe toekennings in hierdie kategorie in 2021 ontvang. Dit verteenwoordig 'n sukseskoers van 28,4%, wat 2,1% laer as in 2020 is. 'n Verdere 19,2% van die US se totale getal aansoeke is befondsbaar verklaar, maar kon weens 'n gebrek aan fondse nie toegestaan word nie. Dit is waarskynlik die gevolg van die 20%-befondsingsbesnoeiing wat die NNS moes absorbeer nadat regeringsfondse in reaksie op die Covid-19-pandemie geheralloor is.

1.2 NNS-program vir vroeë-loopbaan akademici

Die US het in 2021 altesaam 40 Thuthuka-toekennings ontvang, waarvan 11 aan nuwe ontvangers toegeken is.

1.3 Derde geldstroom

Hierdie afdeling bied 'n oorsig van navorsingskontrakte in 2021 teenoor vorige jare.

AFDELING A: Belangrike opmerkings oor die korrekte vertolking van die verslagdata

- a) **Die waarde (kontrakbedrae) van ondertekende kontrakte vir 'n sekere jaar vs werklike inkomste in 'n sekere jaar**

Ondertekende kontrakte verwys na kontrakte wat in 2021 (die betrokke verslagjaar) ontvang, geregistreer, verwerk, onderhandel en onderteken is. Kontrakte kan egter oor verskeie jare versprei word. Vir die doeleindes van verslagdoening word die **volle kontrakwaarde** verskaf vir kontrakte wat in die onderhawige verslagjaar (in hierdie geval 2021) onderteken is.

Die **werklike inkomste vir 2021** sal dus kontrakte insluit wat in 2021 onderteken is, asook dié wat in vorige jare onderteken is maar in 2021 inkomste ingebring het (bv. jaar 1 van kontrakte wat in 2021 onderteken is, jaar 2 van kontrakte wat in 2020 onderteken is, en jaar 3 van kontrakte wat in 2019 onderteken is).

- b) **Verslag weerspieël slegs bedrae uit ondertekende kontrakte**

Die verslag weerspieël slegs *bedrae waartoe die partye hulle alreeds* in die vorm van ondertekende kontrakte verbind het (d.w.s. nie kontrakte wat nog onafgehandel of in die afhandelingsproses is nie). Ons gebruik die *toepaslike gemiddelde jaarlikse*

wisselkoers vir historiese jare, nie die wisselkoers op die datum van verslagdoening nie.

- c) **Verslagdata soos vasgelê by sluiting van sake op 31 Januarie 2022**

Aangesien die onderhandeling en ondertekening van kontrakte 'n voortgaande saak is, weerspieël die data hierin die stand van sake met sluitingstyd op *31 Januarie 2022*. Die verslag bied dus 'n momentopname op daardie datum; die data sal verander namate die onafgehandelde kontrakte vir 2021 en vroeër afgehandel word.


AFDELING B: Getal ondertekende kontrakte 2018–2021

Ons het **1 446** navorsingskontrakte in 2021 verwerk, teenoor 956 in 2018 – 'n 66%-toename in vier jaar. Figuur 1 toon die getal *ondertekende* kontrakte vir die tydperk, met saamgestelde geldeenhede, sonder om tussen inkomende en uitgaande kontrakte te onderskei.


Figuur 2 toon die waarde van *ondertekende* navorsingskontrakte vir die tydperk 2018 tot 2021 (soos op 31 Januarie 2022); geen onderskeid word tussen *inkomende en uitgaande* kontrakte getref nie. Die figuur illustreer die finansiële waarde van die kontrakte wat die Kantoor vir Navorsingskontrakte moes assesseer en onderhandel.

Figuur 3 toon slegs *inkomende* ondertekende kontrakte, wat nie met werklike inkomste volgens die finansiële stelsel verwar moet word nie.


Dit is opvallend dat 73% van die US se inkomste uit navorsingskontrakte vanaf internasionale hoofbefondsers kom (Figuur 4). Dit getuig van ons navorsing se internasionale voetspoor, maar onderstreep ook dat ons navorsingsinkomste uiters kwesbaar vir wisselkoerskommelings.




Figuur 1: Getal kontrakte verwerk 2018–2021



Figuur 2: Waarde van ondertekende kontrakte (inkomend sowel as uitgaande) 2018–2020, met saamgestelde geldeenhede



Figuur 3: Ondertekende inkomende kontrakte 2018–2021, met saamgestelde geldeenhede



Figuur 4: Inkomste uit ondertekende navorsingskontrakte vir 2021 vanaf Suid-Afrikaanse vs internasionale hoofbepondersers

AFDELING C: Werklike inkomste vanaf navorsingskontrakte en die NNS 2013–2021

Tabel 1 verteenwoordig 'n volledige oorsig van werklike navorsingsinkomste (vanaf navorsingskontrakte en die NNS). Verwys asseblief na nota 3.1(a) oor werklike inkomste.

Tabel 1: Werklike inkomste vanaf navorsingskontrakte en die NNS 2013–2021

	2013	2014	2015	2016	2017	2018	2019	2020	2021
Research contracts (excluding NRF)							R806,03m	R828,77m	R1,041bn
	R477,1m	R585m	R637,2m	R1,78bn	R885,8m	R783,2m	<i>Of which: International: R429,4m And National: R376,63m</i>	<i>Of which: International: R454,8m And National: R344,52m</i>	<i>Of which: International: R591,5m And National: R449,2m</i>
NRF	R160,3m	R198,3m	R224,1m	R367m	R364,2m	R235,2m	R209,92m	R164,324m	R183,2m
Total	R703,4m	R878,9m	R1,18bn	R2,158bn	R1,250bn	R1,018bn	R1,016bn	R963,62m	R1,224bn

2. 'n Transformerende studente-ervaring

Die institusionele doelstellings vir hierdie tema is:

- Voorsien 'n unieke, verpersoonlikte studente-ervaring wat dien as katalisator vir transformasiegerigte verandering te midde van geleenthede vir betrokkenheid en ontwikkeling deur 'n eersterangse akademiese aanbod, wat graduandi toerus om in 'n diverse wêreld die leiding te neem en uit te blink.
- Ontwikkel ons studente se graduandi-kenmerke om 21ste-eeuse burgers te wees en hulle volle potensiaal te verwesenlik.
- Versterk strategiese inskrywingsbestuur om toegang en inklusiwiteit te verbeter.
- Verbeter ons studenteslaagsyfer deur opvoedkundige innovasie.
- Lewer omvattende steundienste van 'n hoë gehalte aan ons studentegemeenskap.
- Versterk en brei geleenthede vir deelname deur ons aansienlike alumniegemeenskap uit.
- Skep gepaste geleenthede vir werksgeïntegreerde leer vir 'n suksesvolle loopbaan en 'n positiewe impak op die samelewing.

2.1 Magister- en doktorale inskrywings en grade toegeken

'n Beduidende en suksesvolle nagraadse studentekorps is 'n belangrike bousteen van enige navorsingsintensiewe universiteit. Volgens die amptelike statistiek het 5 034 magisterstudente en 1 649 doktorale studente teen Junie 2021 aan die US ingeskryf.

Die US bly bewus van die behoefte om studente-diversiteit op alle vlakke te versterk. Suid-Afrikaanse generies swart (BSIA – bruin, swart, Indiër- en Asiër-) studente op nagraadse vlak verteenwoordig 45% van die nagraadse studentetal. Ondanks beperkings op internasionale mobiliteit oor die afgelope twee jaar het die getal internasionale studente 'n redelik stabiele gedeelte van die totale nagraadse studentekohort uitgemaak.

Tabel 2: Magister- en doktorale inskrywings aan die US

	2012 Junie	2017 Junie	2018 Junie	2019 Junie	2020 Junie	2021 Junie
Magisterstudente	4 982	4 831	4 811	4 821	4 774	5 034
Doktorale studente	1 236	1 614	1 645	1 637	1 607	1 649
Totaal	6 218	6 445	6 456	6 458	6 381	6 683

Tabel 3: Magister- en doktorsgrade toegeken deur die US

	2012	2017	2018	2019	2020	2021
Magisterstudente	1 441	1 624	1 517	1 474	1 316	668*
Doktorale studente	240	305	308	362	302	146*

* Die 2021-totale verteenwoordig Desember 2021-gradueringe. Die Maart-totale was onbeskikbaar op die tydstip waarop hierdie verslag saamgestel is.

Tabel 4: Nagraadse studentediversiteit onder SA burgers aan die US

	2012	2017	2018	2019	2020	2021
SA generies swart studente	40%	49%	50%	46%	47%	48%

Tabel 5: Internasionale studente as 'n persentasie van totale nagraadse inskrywings

2016	2017	2018	2019	2020	2021
19,3%	18,4%	18,3%	21,6%	16,6%	19,1%

2.2 Raad vir Hoër Onderwys- (RHO-) nasionale oorsig van doktorsgrade: jongste

Die RHO het in 2019 'n nasionale oorsig van doktorale kwalifikasies in Suid-Afrika onderneem. As deel van die proses het die US in Maart 2020 'n institusionele selfevalueringsverslag (SEV) aan die RHO voorgelê wat deur die Nagraadse Kantoor in die Afdeling Navorsingsontwikkeling (ANO) voorberei is. Nadat die RHO Evalueringspaneel in Oktober 2020 'n virtuele perseelbesoek aan die US gebring het, is die finale verslag van die Universiteit se Institusionele Evalueringspaneel (hierna **US Paneelverslag**) in Julie 2021 vrygestel.

Die verslag het bevind dat die lewering van doktorale programme aan die US ooreenkomstig die Kwalifikasiestandaard vir Doktorale Grade plaasvind. Daar is egter van die instelling verwag om aan die aanbevelings in die US Paneelverslag aandag te gee, en die US moes teen **30 Oktober 2021** 'n **verbeteringsplan** by die RHO indien.

Die **Konsep- US Verbeteringsplan** is deur me Dorothy Stevens onder leiding van dr Therina Theron opgestel, in oorleg met prof Eugene Cloete en met insette vanaf lede van die oorspronklike Werkgroep vir die Selfevalueringsverslag. Die Konsepplan is vervolgens – op 18 Oktober 2021 – aan die dekanê, die visedekane: Navorsing, en die Registrateur voorgelê. **Die goedgekeurde US Verbeteringsplan** is op 30 Oktober **by die RHO ingedien**.

2.3 Nagraadse studentesteun

Die Nagraadse Kantoor (NK) is 'n saamtrekkingspunt vir ondersteuning aan en skakeling met nagraadse studente en personeel aan die US, aangesien die NK met fakulteite en ander US-steundienste saamwerk om die nagraadse ervaring vir studente sowel as hulle studieleiers meer vaartbelyn en aangener te maak. Die NK verskaf in die besonder advies en administratiewe steun aan voornemende en ingeskrewe nagraadse studente (bv. oor programkeuses en gesamentlike grade), administreer nagraadse befondsing – 'n kritieke aspek van ondersteuning – en bied 'n program vir nagraadse vaardigheidsontwikkeling (NVO) aan.

Die NK het in 2021 'n institusionele [webblad vir die verwelkoming en oriëntering van nagraadse studente](#) bekendgestel, wat op die behoeftes van nuwe en terugkerende nagraadse studente aan die US toegespits is. Die blad dien as 'n pasgemaakte nagraadse inligtingspunt van voorkeur oor alle tegniese, akademiese en maatskaplike steun wat vir nagraadse studente aan die US beskikbaar is.

Ook as deel van die NK se 2021-verwelkomingsveldtog het die Kantoor 'n spesiale [verwelkomingsvideo vir nagraadse US-studente](#) gemaak wat op die nuwe verwelkomingsblad vertoon is. Dit is in Februarie

2021 ook digitaal via die NK se jaarlikse e-pos-[verwelkomingsboodskap](#) versprei aan alle nagraadse US-studente wat op daardie tydstip ingeskryf was. Uit die 7 900 nagraadse studente aan wie die e-pos uitgestuur is, het 69,5% op die boodskap geklik. Ingeval studente dalk die eerste e-pos ter verwelkoming misgeloop het, het die NK die skakel na die e-poskennisgewing in die Maart 2021-uitgawe van hulle nuusbrief, *Postgraduate Times*, ingesluit. Dit het 409 verdere deurklikslae opgelewer, en 'n bykomende 1 260 kykslae is op die Kantoor se YouTube-kanaal aangeteken. Die video het lateraan 'n brons toekening by MACE 2021 (toekennings vir uitnemendheid in bemaking, bevordering en kommunikasie in opvoeding) losgeslaan.

Buiten die werksaamhede hier bo het die NK ook hulle jaarlikse [Postgraduate Studies Guide](#) gepubliseer. Dié gids tot nagraadse studies is 'n samevoeging van omvangryke inligting wat nagraadse US-studente moet hê. Dit vestig die aandag op belangrike US-beleide en -prosedures, verskaf nuttige wenke oor hoe om 'n aangename studieleier/student-verhouding in stand te hou, verskaf fakulteitspesifieke kontakbesonderhede en lys 'n hele reeks ander hulpbronne, dienste en steun wat vir nagraadse studente aan die US beskikbaar is.

Die NK verskaf elke jaar, via hulle NVO-program, tersaaklike navorsingsverwante inligting en werksessies oor vermoëbou ter aanvulling van dit wat nagraadse studente by hulle akademiese departement ontvang. Die program bevorder ook bykomende institusionele nagraadse opleidingsgeleenthede in samewerking met ander sleutel-steundienste aan die US.

Die program is in 2020 gedurende die Covid-19-grendeltyd voortgesit deurdat die NK die volledige NVO-aanbod aanlyn verskuif het. Hierdie modus is in 2021 geslaagd voortgesit en met vyf nuwe werksessies aangevul nadat die Kantoor aan die einde van 2021 'n ontleding van doktorale studente se behoeftes gedoen het.


- Die nuwe werksessies het gehandel oor projek-bestuursbeginsels vir nagraadse navorsers; hoe om geld in die werklike wêreld te bestuur; hoe om 'n dokument publikasiegereed te maak; hoe om lesings met selfvertroue te lewer en 'n Lifeology-loodsprojek oor wetenskapkommunikasie.
- Die [werksessies](#) is aanlyn via MS Teams en SUNLearn aangebied, en deelnemers is via die NK se [webblad](#), [Postgraduate Times](#)-nuusbrief en [sosialemedia](#)-platforms gewerf. Die aanlyn modus het dit moontlik gemaak om in 2021 'n nog breër gehoor as in 2020 met die NVO-program te bereik, want nagraadse studente wat normaalweg nie toegang tot die program se werksessies op die Stellenbosch-kampus sou hê nie, kon dit wel bywoon, hetsy sinchronies of asinchronies.
- Die virtuele [Bly Stil en Skryf-sessies](#) is voortgesit met twee 1½-uur-skryfsessies wat per dag

gefasiliteer is (soggens en saans, elke weekdag).


- Die NK se bygewerkte stel opleidingsmodules wat op [SUNLearn](#) gelaai is, het nagraadse studente toegang tot verdere aanlyn kursusse gegee.
- Die NK-program het altesaam 48 aanlyn werksessies in 2021 aangebied, asook 'n virtuele opspring-gespreksgeleentheid, [Pop-up Café](#), en 'n virtuele opleidingsgeleentheid

oor wetenskapkommunikasie, wat met 'n virtuele Universiteitwye [FameLab](#)-kompetisie gekombineer is.

Deur middel van bogenoemde geleenthede het die program meer as 880 individuele nagraadse studente bereik via werksessie-opleiding (altesaam 1 554 werksessie-inskrywings vir 2021, aangesien sommige studente meer as een werksessie in die NVO-program



Figuur 5: Bywoning van nagraadse werksessies, per fakulteit



Figuur 6: Totale getal werksessieplekke wat benut is, per vlak van nagraadse studies

bygewoon het), 139 deelnemers via Pop-up Caf -skakelings, 25 deelnemers via gespesialiseerde FameLab-opleiding en die FameLab-kompetisie in wetenskapkommunikasie, 198 deelnemers via Sit Stil en Skryf- daaglikse skryfsessies, 11 fakulteitspesifieke kohorte via aanlyn ori nteringsessies oor nagraadse steun en 372 nagraadse studente aan die Fakulteit Ingenieurswese via asinchroniese aanlyn Professionele Kommunikasie-modules (59447-871 en 59447-771) wat die NK elke jaar sedert 2017 namens die Fakulteit aanbied en wat oor integriteit in akademiese skryfwerk handel, onder meer hoe om plagiaat te vermy.

2.4 Die Nagraadse Kantoor se sosialemedia-voetspoor

Die getal volgers en interaksies op die NK se sosialemedia-rekening het merkbaar toegeneem nadat die Kantoor hulle #postgraduateSUccess-veldtog gevoer het. Die Facebook-rekening (geskep in 2017) het 24 871 persone in 2021 bereik deur plasings, stories en advertensies, en die getal volgers het tot 1 772 gestyg. Die NK se Stellenboschunipgo Instagram-rekening (geskep in 2020) het 613 persone in 2021 bereik.

Figuur 7a en 7b is voorbeelde van plasings wat in 2021 besonder gewild was.

2.5 Institusionele opleidingskursus vir akademiese studieleiers

Die NK het, in samewerking met dr Therina Theron en prof Leslie Swartz, die ontwikkeling van 'n opleidingskursus vir studieleiers gefasiliteer om US-akademiese personeel te ondersteun.

Die behoefte aan so 'n kursus het uit verskeie oorde geblyk. Kortliks uiteengesit het die Oudit-en Risikokomitee van die Senaat, in die lig van die reputasierisiko waaraan die publikasie van "Die Artikel" die US in 2019 blootgestel het, vir Deloitte versoek om 'n volledige oudit van alle navorsingsprosesse aan die Universiteit te doen. Die oudit is in Januarie 2020 uitgevoer, en daar is onder meer bevind dat daar 'n behoefte bestaan (veral onder nuwelingstudieleiers) aan 'n omskrewe opleidings-en-akkreditasieprogram oor studiebegeleiding wat nuweling- en bestaande navorsingsbegeleiers sal ondersteun en in staat stel om hierdie deurslaggewende moniterings- en toesighoudende rol na behore te vervul. Daarby het die RHO in Julie 2019 'n nasionale oorsig onderneem om die stand van sake te bepaal rakende doktorsale kwalifikasies wat aan Suid-Afrikaanse ho ronderwysinstellings uitgereik word. Na afloop van die US se SEV en die RHO se onderhoude vir 'n virtuele institusionele perseelbesoek in Oktober 2020 het die US Evalueringspaneel verskeie sleutelaanbevelings in hulle verslag gemaak. Dit het ingesluit dat die US 'n geformaliseerde, verpligte opleidingskursus oor studiebegeleiding vir alle nuwelingstudieleiers aan die Universiteit instel.



Figuur 7a: Inligting verskaf oor die drie weners wat die gewildste was in die Universiteitwye FameLab-kompetisie in wetenskaplike skryfwerk wat deur die Nagraadse Kantoor aangebied is; 804 besoeke



Interactions

8 reactions

2 comments

11 shares

Figuur 7b: Advertensie van institusionele studiebeurse wat vir alle nagraadse studente beskikbaar is; 2 328 besoeke


Buiten die bevindings van die Deloitte-oudit en die RHO se aanbevelings was daar 'n duidelike imperatief dat die US dringend 'n gepaste kursus instel om ons akademiese studieleiers by te staan en op die hoogs verantwoordelike taak van nagraadse studiebegeleiding voor te berei.

Op grond van haar omvangryke ondervinding in studiebegeleiding en in die ontwikkeling en aanbieding van studieleier-opleiding is prof Chrissie Boughey - 'n voormalige viserektor en huidig emeritusprofessor aan die Sentrum vir Nagraadse Studies by Rhodes Universiteit - ingekontrakteer om 'n pasgemaakte opleidingskursus vir studieleiers aan die US te ontwikkel.


Die kursus is in November 2021 met 'n kohort van 30 US-mentees en -mentors vanuit die ANO se ontwikkelingsprogram vir nuwelingakademici (Eng. ECAD) geloods. Dit het nege middaagsgespreksessies via MS Teams behels, en vier weke asinchroniese selfstudiesessies. Die onderwerpe is op SUNLearn beskikbaar gestel. Die kursus het deelnemers die volledige navorsingsbegeleidingsreis laat meemaak, vanaf die student se eerste konsepnotas tot vaardighede, reëls en regulasies in die hantering van verskeie komitees (onder meer komitees vir hoër onderwys en etiek), tot die aanwysing van eksaminators, hoe om die student tot inlewering en eksaminering te begelei, hoe om veranderings te

hanteer wat eksaminators aanvra en finale inlewering via SUNScholar. Daar is op praktiese vaardighede gefokus, eerder as op opvoedkundige teorieë, en daar is beklemtoon dat die begeleides sowel as begeleiers mense is, met 'n vol en ingewikkelde lewe en verantwoordelikhede. Die kursus het met 'n opsionele werkopdrag afgesluit.

Die algemene terugvoer vanaf deelnemers was oorweldigend gunstig. Prof Boughey sal 'n amptelike verslag opstel en 'n verwerkte weergawe van die kursus tydens 2022 aanbied nadat sy dit aan die hand van hierdie terugvoer en die lesse wat uit die deursooiing van die loodskursus geleer is, verfyn het.



Figuur 8: Nagraadse fondse geadministreer 2016–2021



Figuur 9: Bydrae tot totale befondsing, per kategorie

2.6 Nagraadse befondsing

Die nagraadse fondse wat die NK administreer, het vanaf R240 miljoen in 2020 tot R251 miljoen in 2021 gegroei. Hierdie toename is hoofsaaklik toe te skryf aan bykomende befondsing via die US Registrateursbeurs 2021 (spesifiek opsy gesit vir bystand met studenteskuld) en die inwerkingtreding van toewysings ingevolge die US Nagraadse Beursprogram. Dit moet gesien word binne die konteks van dalende befondsingsteun vanaf die NNS (vanaf R60,5 miljoen in 2020 tot R55 miljoen in 2021).

Uit alle beurse wat in die 2021- finansiële jaar aan nagraadse US-studente toegeken is, was 45% (±R113 miljoen) departementele beurse. Dit bewys hoe sterk departemente en fakulteite se vermoëns is om befondsing via navorsingskontrakte, -ooreenkomste en -skenkings te bekom, en herbevestig die sleutelrol wat nagraadse navorsing aan die instelling vervul.

2.7 Nasionale Navorsingstigting- (NNS-) beursprogram

Beleidsveranderinge wat die NNS in 2020/2021 ingevoer het, het die getal studiebeurse wat aan US-studente toegestaan is, verminder; onder meer omdat Grantholder Linked-beurse gaandeweg uitgefaseer word. Die NNS se nuwe studiebeursbeleid stel 'n minimum- akademiese vereiste van 65%, en aansoekers om honneurs-, meesters- of doktorale befondsing mag onderskeidelik hoogstens 28, 30 en 32 jaar oud wees in die jaar van aansoek. Suksesvolle aansoekers kan teen die volle studiekoste (VSK) of gedeeltelike studiekoste (GSK) befonds word.


VSK-befondsing word uitsluitlik aan Suid-Afrikaanse burgers en persone met permanente verblyfreg toegeken wat óf finansiële behoefte is (d.w.s. uit 'n huishouding met 'n gesamentlike jaarlikse inkomste van ≤R350 000), akademies uitsonderlik presteer of met 'n gestremde leef. GSK-befondsing mag tot op 5% aan internasionale studente uitbetaal word, en aan Suid-Afrikaanse burgers en persone met permanente verblyfreg wat nie aan die VSK-vereistes voldoen nie maar volgens ander kriteria vir NNS-befondsing in aanmerking kom.

Die NNS het ook befondsingsperke ingestel (op onderriggeld, verblyf en lewenskoste), en die gepaardgaande streng kriteria plaas 'n verdere beperking op beurseise. Daar is oor die afgelope drie jaar verskeie hoëvlaksgesprekings onder leiding van die VR: NI&NS (prof Eugene Cloete) met die NNS gevoer, waarna die NNS aangekondig het dat befondsingsperke op kostekategorieë vanaf 2022 uitgefaseer sal word. Daarby het NNS-beurstoekennings vir 2022 tot op datum getoon dat die getal ontvangers aan die US effens toegeneem het.

2.8 Die Universiteit Stellenbosch Nagraadse Beursprogram

In reaksie op die afname in NNS-befondsing oor die afgelope vyf jaar het die Komitee vir Beurse en Lenings (KBL) goedgekeur dat ±R120 miljoen vanuit reserwes vir voorgraadse beurse na nagraadse beurse gherallokeer word. Die befondsing wat dit opgelewer het, ondersteun die **US Nagraadse Beursprogram** (USNB) tot in 2023.

Die Beursprogram, wat tans in die tweede jaar van bedryf is, het in 'n pronkprogram vir studiebeurse ontwikkel wat uniek geposisioneer is en wat ander



Figuur 10: NNS-befondsde studente 2014–2022

universiteite dikwels as riglynstandaard gebruik. Die USNB baat by 'n samewerkende proses wat alle US-fakulteite insluit en wat daarop ingestel is om die beginsel van maksimale beleggingsopbrengs te volg en terselfdertyd ons akademies mees verdienstelike en finansiële mees behoeftige nagraadse studente te ondersteun. Die USNB het **397 nagraadse studente** – studente wat die enjinkamer van navorsing aan 'n universiteit simboliseer – in 2021 ondersteun. Uit hierdie groep gaan 233 hulle graadprogram binne die maksimum toelaatbare tydperk van ondersteuning (twee jaar vir magisterstudies, drie jaar op doktorsvlak) voortsit.

Daarby het ons al **±200** nuwe toekennings vir 2022 gemaak. Hierdie getal behoort te gestyg het wanneer die finale lys toekennings binnekort aangekondig word.

Befondsing op die vlak wat dit verg om die USNB in stand te hou, sal teen 2023 uitgeput wees weens die beplande uitputting van voorgraadse reserwefondse. Dit wil sê, die fondse wat tans die Beursprogram op >R40 miljoen per jaar in stand hou, sal na die basisvlak van die institusionele nagraadse toewysing – R18 miljoen per jaar – terugkeer tensy 'n dringende hersamestelling van die institusionele begroting goedgekeur word.

2.9 Gesogte studiebeurse toegeken

- Die [Harry Crossley Stigting](#) gaan 36 nagraadse studente in 2022 ondersteun ten bedrae van R4,5 miljoen. Daarby gaan 'n ooreenkoms tot gesamentlike befondsing tussen die US en die Harry en Doris Crossley Stigting 'n verdere 7 studente ondersteun.
- Die Wilhelm Frank Trust gaan 16 nagraadse studente in natuurwetenskap en ingenieurswese ondersteun. Hierdie toekennings is R150 000 per magisterstudent en R200 000 per PhD-student werd – altesaam R2,5 miljoen vir 2022.
- Die HB Thom Trust gaan 15 nagraadse studente wat in leierskaprolle uitblink het, ondersteun met studiebeurse wat altesaam ±R1 miljoen beloop.
- Mnr Bright Amanful (Prosesingenieurswese) en dr Chioni Siwo (Psigiatrie) word huidig deur die gesogte [Queen Elizabeth Beursprogram vir die Gemenebes](#)- (QECS-)program befonds.
- 'n [Samewerkingsinisiatief tussen Imperial en die US](#) gaan 6 nagraadse studente in logistiek en ingenieurswese ondersteun. Imperial het R3 miljoen opsy gesit om die voortsetting te ondersteun van hierdie beursprogram wat op die voorsiening se reaksies op Covid-19 en ander gesondheidsorg-uitdagings gaan fokus, asook op die uitwerking van die varsproduktevoorsieningsketting op klimaatsverandering.
- Die Beit Trust gaan weer 6 nagraadse studente uit Malawi, Zambië en Zimbabwe ondersteun.
- Die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge (SAIRV) sal voortgaan om 'n

aantal nagraadse studente in verpleegkunde te ondersteun. Die Instituut het 16 studente in 2021 ondersteun.

- Die Sektorale Onderwys- en Opleidingsowerheid (Eng. SETA) vir Veselverwerking en -vervaardiging sal voortgaan om nagraadse studente in joernalistiek, bemarking, bosbou en houtkunde te ondersteun, asook in ander dissiplines wat met die breë doelstellings van dié SETA verband hou. Hulle het 25 nagraadse studente in 2021 ondersteun, ten bedrae van R1,3 miljoen.
- [NinetyOne](#) het 'n formele ooreenkoms met die US gesluit waarvolgens 3 tot 5 studente in die gesondheidswetenskappe gesogte studiebeurse sal ontvang. Die 2021-kohort was die eerste begunstigdes.

2.10 Aanvraag na digitale inhoud


Soos in 2020 het die pandemie baie duidelik gewys dat die vraag na digitale inhoud steeds toeneem. Die US Biblioteek het 'n goed gevestigde versameling e-vaktydskrifte, e-boeke, e-tesisse, e-naslaanwerke, e-koerante en verskeie digitale versamelings wat via hulle webblad beskikbaar is. Die behoefte aan meer e-boeke bly egter dringend. Ongelukkig is e-boeke dikwels veel duurder as gedrukte eksemplare, wat die boekebegroting tot die uiterste beproef. Boonop is talle e-handboeke onbeskikbaar vir lisensiering aan biblioteke; en dié wat beskikbaar is, is dikwels onbekostigbaar. Met die oog daarop om hierdie situasie te beredder het die US Biblioteek- en Inligtingsdiens (BID) deelgeneem aan of bygedra tot nasionale en internasionale forums en ondersoeke oor e-boekpryse vir biblioteke. Hierdie werksaamhede kon nog nie beter pryse bewerkstellig nie, maar die debat duur voort, plaaslik sowel as in die buiteland.

2.11 Inwerkingstelling van SUNLearn- geïntegreerde kursusleeslystelsel

Die inwerkingstelling van die SUNLearn-geïntegreerde kursusleeslystelsel, Leganto, is goed onderweg nadat die projek in Augustus 2020 geloods is. Leganto is op 1 Desember 2020 in die SUNLearn-stelsel in gebruik geneem en op 17 Februarie 2017 aan die US-gemeenskap bekendgestel. Die virtuele bekendstelling is goed bygewoon.

Sedert die projek van stapel gestuur is, het die fokus vanaf tegniese inwerkingstelling op SUNLearn verskuif na werkvloei-aanpassings van kursusleeslyste binne fakulteite en akademiese steundienste. Dit skakel in by die projekdoelwit – om dosente se begin-tot-einde-werkvloei te verbeter deur kursusleeslyste daarby te integreer, aangesien dit onderrig sal bevorder en gebruik sal vergemaklik. Die oogmerk was om die aanlyn kursusleeslyste vanaf die aanvang van die 2021- akademiese jaar in gebruik te neem en van daar af die ingebruiknemingskoers oor fakulteite heen sowel as binne fakulteite toenemend te verhoog.

Met die oog daarop om hierdie proses gestruktureerd



Figuur 11: Getal voorgaafse studente wat modulespesifieke opleidingsgeleenthede bygewoon het

en gekoördineerd fasiliteer het die BID 'n stel ingebruiknemingsteikens, wat in die Leganto Uitreikplan uiteengesit is, aangeneem.

Teen die einde van 2021 is 46 leeslyste in akademiese departemente oor verskeie fakulteite heen geskep, en dit sal na verwagting vinniger ingebruikneming binne fakulteite bevorder. Die BID gaan in 2022 daaraan werk om Leganto in die SUNOnline-stelsel vir kortkursusse aan die US op te neem en om te begin ondersoek hoe die werkvloei van kopiereggoedkeuring vir Leganto met die stelsel van die Kaapse Hoëronderwyskonsortium (KHOK) se skakelkantoor vir publikasies geïntegreer kan word in samewerking met ander hoëronderwysinstellings in die Wes-Kaap.

2.12 Opleiding aan voorgaafse studente

Die getal voorgaafse studente wat modulespesifieke opleiding deur fakulteitsbibliotekarisse bygewoon het, het vanaf 2018 tot 2020 volgehoue afgeneem. Die tendens het egter in 2021 'n ander rigting ingeslaan met 'n 23%-toename – vanaf 6 915 in 2020 tot 8 496 in 2021 (Figuur 11). Dit kan daaraan toegeskryf word dat dosente die behoefte aan opleiding in digitale en inligtingsgeletterdheidsvaardighede insien nadat afstandsl eer en -onderrig in 2020 wyd gebruik is. Hulle het fakulteitsbibliotekarisse gevra om bykomende opleidingsgeleenthede aan te bied. Dit het veral by die grootste fakulteit aan die US, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, gebeur: MS Teams-opleidingsessies vir hulle groot getal studente het geblyk uiters geslaagd en gewild te wees, en die gehalte van studente se werkopdragte het na elke sessie verbeter.

2.13 #SmartResearcher-werksessies

Sommige van die #SmartResearcher-werksessies is na die nuwe #SmartStudent-werksessiereeks oorgedra. Dit het beteken dat die #SmartResearcher-reeks skerper op die behoeftes van nagraafse studente en navorsers toegespits is. Alle werksessies is as webinarre aangebied, en dit was selfs nog gewilder

as in 2020. Altesaam 1 802 kliënte het die sessies in 2021 bygewoon, terwyl daar 1 484 kliënte in 2020 was. Daarby het 466 kliënte die opnames van die webinarre gekyk.


Mendeley for Reference Management en Useful Tools and Applications for Research was steeds die gewildste werksessies in die reeks. Die BID se induksieprogram vir nagraafse studente en akademiese personeel is ook goed bygewoon. Dit het uit sommige van die terugvoering geblyk dat hierdie reeks baie waarde vir ons nagraafse studente en navorsingsgemeenskap inhou. Die opmerkings hier onder is uit Engels vertaal:

- "Ek dink dat julle en julle span uitsonderlik is in wat julle doen om die studente op hulle navorsingsreis te ondersteun."
- "Ek het ondervind dat hierdie span bibliotekarisse onvermoeid werk om belangrike inligting wat my op my navorsingsreis help, te organiseer, beskikbaar te stel en te versprei. Groot waardering."


2.14 Bibliotekgidse

Ons bibliotekarisse gebruik LibGuides-sagteware om maklik navigeerbare, vakspesifieke en navorsingsverwante webbladsye te skep wat kliënte in ander fases van die navorsingsiklus help om inligting en ondersteuning op te spoor. Hierdie webbladsye, oftewel bibliotekgidse, help om digitale, data- en inligtingsgeletterdheidsvaardighede te ontwikkel, kennis te bewaar, inligting beskikbaar te stel, vakspesifieke bronne te organiseer en navorsing te ondersteun. Sodoende ondersteun die BID ten volle die US se ingebruikneming van die model van aangevulde afstandsonderrig, -leer en -assessering (ARTLA).

Ons bibliotekgidse het sedert die Covid-19-grendeltyd aansienlik gewilder geraak, aangesien die meeste studente tot afstandsl eer gedwing is. Figuur 12 illustreer die 13%-toename in gebruik toe besigtigings van bibliotekgidse vir die eerste keer die 300 000-kerf oorgesteek en 323 363 bereik het.



Figuur 12: Jaarlikse besigtigings van biblioteekgidse 2019–2021



Figuur 13: Vra 'n Bibliotekaris – getal nuwe vrae

2.15 Vra 'n Bibliotekaris en Gesels met Ons

Kliënte het die BID se virtuele inligtingsdiens, Vra 'n Bibliotekaris, goed benut: Die getal nuwe vrae het met 8% toegeneem, van 612 in 2020 tot 659 in 2021 (Figuur 13). 'n Aanvullende virtuele diens, Gesels met Ons, is op 2 Desember 2021 geloods as 'n bykomende manier waarop kliënte die Biblioteek kan kontak en bystand ontvang, van Maandag tot Vrydag van 08:00 tot 16:30. Hierdie diens werk met die LibChat- sagteware en maak dit vinnig en besonder maklik om met ons kliënte kontak te maak en hulle te bedien.

2.16 Biblioteeknavorsingsweek

Biblioteeknavorsingsweek het vanaf 17 tot 21 Mei 2021 virtueel plaasgevind. Die oorkoepelende tema was '*Research unmasked*' – oor hoe om in 'n tyd van verandering rats te wees. Altesaam 992 persone het die 2021-Navorsingsweksessies bygewoon – 'n aansienlike verbetering op 2020, toe 802 persone dit bygewoon het.

Aanbiedings het gefokus op verskeie onderwerpe wat met navorsing verband hou, soos die skryf van 'n navorsingsvoorstel, sistematiese oorsigte, etiese kwessies, kopiereg, navorsingsmetodes, data-bestuursbeplanning, datavisualisering en strategieë om angs te verlig.

3. Doelgerigte vennootskappe en inklusiewe netwerke

Die institusionele doelstellings vir hierdie tema is:

- Ontwikkel 'n raamwerk van beginsels om plaaslike relevansie, streeksimpak en 'n globale reikwydte te verseker ten einde transaksionele vennootskappe te fasiliteer en transformerende vennootskappe te bevorder.
- Bevorder 'n sterk band en interaksie met die sakesektor, die bedryf en die regering om ons sterkpunte te benut, wat werksgeïntegreerde leer, voortgesette professionele ontwikkeling, samewerkende navorsing, konsultasie, lisensiering, afwentelmaatskappye en kommersiële ondernemings insluit.
- Omarm die gemeenskappe wat ons bedien om sosiale, kulturele, omgewings- en ekonomiese ontwikkeling en verandering teweeg te bring.
- Versterk en brei geleenthede vir deelname deur ons aansienlike alumnigemeenskap uit, en koester ons verhouding met hulle.
- Bou doeltreffende samewerking deur middel van vennootskappe, alliansies en netwerke met ander universiteite, instellings en organisasies, waar sodanige samewerking tot uitnemendheid in onderrig en leer, uitmuntende navorsing en sosiale betrokkenheid en impak bydra.
- Koester gebalanseerde, genetwerkte en wederzyds voordelige vennootskappe wat deur institusionele strukturering sowel as persoonlike verhoudings gehandhaaf word.
- Smee gepaste vennootskappe met instellings in alle sektore van die samelewing, onder meer in die sferes van die burgerlike samelewing, openbare diskoers, openbare meningsvorming en openbarebeleidsbepaling.

3.1 HB en MJ Thom-toekennings vir studieverlof vir akademiese personeel

Die HB en MJ Thom Trust het tien nuwe toekennings ondersteun vir studieverlof wat in 2022 geneem gaan word.

3.2 EU-gesteunde navorsingstoekennings

3.2.1 Horizon Europe

EU HORIZON EUROPE-SAMEWERKING 2021:
TOTAAL R26 596 546

Die EU se Horizon Europe-navorsings-en-innovasie-raamwerk vir 2021 tot 2027 is 'n konsortiumgedrewe program met enorme geleenthede vir internasionale navorsingsamewerking – die begroting vir die volledige tydperk is €93 biljoen. Horizon Europe is in die derde kwartaal van 2021 geloods en sluit 'n gefokusde EU-Afrika-befondsingsinisiatief vir 2021-22 in. Aansoek om EU-befondsingsgeleenthede het 'n sukseskoers van minder as 20% wêreldwyd. Ondanks hierdie strawwe mededinging het die US in die afgelope ses maande alreeds vyf nuwe toekennings, ter waarde van R26 596 546, uit hulle aksieprogram vir navorsing en innovasie bekom.

3.2.2 EU-SA onderlinge samewerking befonds deur die afdeling vir sosiale impak (ASI)

Die US het ook geslaag met aansoeke om vyf nuwe programme vir onderlinge samewerking, bekend as ERANETS, wat deur die deelnemers se nasionale befondsingsagentskappe ondersteun word – in ons geval, die ASI. Die totale bedrag is R8,3 miljoen.

3.2.3 US Biblioteek-Simposium

Die US Biblioteek-simposium het vanaf 12 tot 14 Oktober 2021 in hibriede formaat plaasgevind. Die tema was *'From here to superhero'* – oor rats, innoverende, responsiewe biblioteke.

Die aanbieders het onder meer die uitdagings uiteengesit wat hulle gedurende die oorgang van tradisionele na virtuele onderrig en navorsing teëgekomp het. Hulle het vertel watter kritieke rol oop navorsingsdata tydens die Covid-19-krisis vervul het. Prof Kanshukan Rajaratnam was van mening dat oop data vir beskikbaarstelling kan help om lewens te red en die impak van waninformatie te beperk. Bibliotekarisse is versoek om kreatiewe maniere te vind waarop data in hulle omgewings ontleed en sinvol vertolk kan word. Hulle is daarvoor geloof dat bibliotekarisse help sorg het dat die akademiese jare 2020 en 2021 nie verlore gaan nie, en vir hulle naatlose oorskakeling vanaf biblioteekdienste in lewende lywe na dienslewering op virtuele platforms. Op die laaste dag van die Simposium het biblioteekleiers insigte en oogpunte uitgeruil oor hoe om in krisistye leiding te gee. Hulle het opgemerk hoe belangrik dit is om met deernis te lei, aangesien hulle verantwoordelik is vir personeel wat óf deur Covid-19 geaffekteer of daarmee geïnfecteer is.

Tabel 6: Navorsing en Innovasie: aksieprogram

Van	Naam	Fakulteit	Departement	Projek-naam	Koördineerder-instelling	Koördineerder-land	Totale projektkoste in € – volle konsortium	Projektkoste in ZAR – slegs SA deelnemer
De Oliveira	Tulio	FGGW	Gesondheid	COVICIS	Uni Vaudois	Switserland	10 048 971	7 650 000
Rautenbach	Adam	Natuurwetenskappe	Biochemie	TRIPLE-A-COAT	Uni Leuven	België	5 383 032	2 559 200
Van der Zalm	Marieke	FGGW	Pediatriese TB	VERDI	Penta	Italië	9 981 000	3 400 000
Warren	Rob	FGGW	Mediese Biochemie	XACT	UK	SA	5 510 162	747 346
Young	Taryn	FGGW	Globale Gesondheid	GELA	SAMNR	SA	3 216 366	12 240 000
TOTAAL							€34 139 531	R26 596 546

Tabel 7: EU-SA onderlinge samewerking befonds deur DWI

Van	Naam	Fakulteit	Departement	Akroniem	Koördinerende instelling	Koördinerende land	Totale US-projektkoste (ZAR)
Du Plessis	Anton	Natuurwetenskappe	Fisika	NiWReAlloys	Hochschule Mittweida	Duitsland	3 238 000
Klumperman	Bert	Natuurwetenskappe	Chemie en Polimeerwetenskap	3D4D ²	Leibniz Inst	Duitsland	1 518 345
Moore	John	AgriWetenskappe	Wingerd- en Wynkunde	Crops For Change	CREA	Italië	1 200 000
Salie	Khalid	AgriWetenskappe	Veekundige Wetenskappe	BlueCycling	Uni Gothenburg	Swede	1 200 000
Von der Heyden	Sophie	Natuurwetenskappe	Plant- en Dierkunde	GenClim	Tech Uni Denmark	Denemarke	1 134 000
TOTAAL							8 290 345



Prof Rajaratnam by die US Biblioteek se Simposium 2021

4. Onderrig en leer wat in 'n netwerk gesitueer en samewerkend is

Die institusionele doelstellings vir hierdie tema is:

- Konsentreer op 'n leergerigte benadering tot onderrig, en bevorder terselfdertyd 'n holistiese begrip van onderrig en leer.
- Bevorder interdisiplinêre en interprofessionele onderrig en leer deur studente in staat te stel om aan 'n leergemeenskap deel te neem waar personeel en studente saamwerk om te leer, probleme op te los, navorsing te doen en te innoveer.
- Skep 'n instelling van voortdurende leer wat vaardig is in die medeskepping en uitruiling van kennis en insigte.
- Bevorder die professionalisasie van akademici in hulle onderrigrol, en die akademieskap van onderrig en leer.
- Ontwikkel 'n digitale strategie om as grondslag te dien vir digitale vaardigheid en die sinvolle integrasie van leertegnologieë in die strewende na 'n genetwerkte Universiteit wat studente, personeel en alumni betrek en inspireer.
- Brei die US se kennisaanbod uit om in nuwe studentemarkte se behoeftes te voorsien.
- Bevorder die voortdurende vernuwing van die Universiteit se akademiese programme deur middel van 'n sistemiese proses waarin bepaalde rolle en verantwoordelikhede duidelik aan verskillende rolspelers toegeken word.

5. Navorsing vir impak

Die institusionele doelstellings vir hierdie tema is:

- Ontwikkel 'n navorsingsagenda wat op die US se waardes, die samelewing se behoeftes en die noodsaak van volhoubaarheid berus.
- Onderneem betekenisvolle navorsing op grond van uitgesoekte, toegespitste strategiese navorsingsgebiede.
- Rig die toekomstige navorsingsagenda en betrek ons belanghebbendes op 'n strategiese wyse.
- Onderneem samewerkende en interdisiplinêre navorsing wat die groot uitdagings van die samelewing die hoof bied.
- Skep 'n verankerde kultuur van innovasie en entrepreneurskap in ons navorsing.

5.1 Navorsingsuitsette

Volgens die amptelike DHOO-verslag oor 2019-publikasies het die US 3 999,67 geweege navorsingsuitsette (magister- en doktorsale grade en publikasies) produseer – 'n nuwe rekord vir die Universiteit.

Dit beteken dat die US een van die produktiefste instellings ter wêreld is wat navorsing betref.

Die ANO, wat die jaarlikse voorlegging van navorsingsuitsette aan die DHOO vir subsidie-doeleindes bestuur, het tenders geopen vir 'n nuwe produk waarmee navorsingspublikasies vasgelê kan word; die huidige stelsel is meer as 15 jaar oud.

Die US het drie rondtes kreatiewe uitsette voorgelê sedert die DHOO aangekondig het dat kreatiewe uitsette vanaf die einde van 2019 met die oog op subsidie ingesluit mag word.

Die vorige verslag deur die VR: NI&NS het terugvoering verskaf oor die uitkoms van die eerste rondte (uitsette 2016-2018), waarin die US uitsonderlik goed gevaar het – subsidie vir 46 goedgekeurde eenhede is ontvang. Die ANO het na die eerste rondte voorleggings geleentheid gekry om by wyse van 'n opname aan die DHOO terugvoering te gee. Ons hoop op 'n verdere geleentheid daartoe.

Die tweede en derde rondtes is onderskeidelik in November 2020 (uitsette 2017-2019) en November 2021 (uitsette 2018-2020) voorgelê. Die DHOO sal later vanjaar oor die 2020-voorlegging terugvoering gee, en in 2023 oor die 2021-voorlegging. Tabel 9 som die voorleggings op.

'n Oproep vir die volgende voorlegging – vir uitsette vanaf 2019 tot 2021 – is onder die Universiteitsgemeenskap versprei. Die DHOO-sperdatum het verander, wat beteken dat hierdie rondte teen 30 September 2022 afgehandel sal word.

5.2 Innovasie



5.2.1 Auda-Nepad/WNNR, Us Sentrum Van Uitmendheid In Natuurwetenskap, Tegnologie En Innovasie (SVE-WTI)

Die onderstaande gebiede is tydens 'n AUDA-NEPAD/WNNR/US-werksessie uitgewys vir voortgesette deurvoering in 2022 en verder.

Tabel 8: Geweegde navorsingsuitsette

	2012*	2017*	2018*	2019*
Totale geweegde navorsingsuitsette	2 982,11	3 725,53	3 706,15	3 999,67

*Verwys na die jaar van publikasie-uitset

Tabel 9: Navorsingsuitsette en subsidie-eenhede voorgelê

Jaar van voorlegging	Subsidie-eenhede voorgelê
2020 (uitsette 2017–2019)	36,28
2021 (uitsette 2018–2020)	35,81

5.2.1.a 35 Innovasies wat met Agenda 2063-impakareas belyn is

- 1. Industrialisasie en welvaartskepping:** getransformeerde ekonomieë en werkskepping, moderne landbou vir verhoogde produksie en produktiwiteit, blou/oseaan-ekonomie vir versnelde ekonomiese groei, industrialisasie, werkskepping, wêreldklas-infrastruktuur; vrede, sekuriteit en stabiliteit; BBP; markte en handel, die Kontinentale Vryhandelsgebied (CFTA), ensovoorts.
- 2. Gemeenskaplike welvaart en getransformeerde bestaanswyses:** 'n hoë lewenstandaard, lewensgehalte en welstand vir alle burgers; gesonder en behoorlik gevoede burgers, demokratiese

waardes, praktyke, universele beginsels van menseregte, diepgewortelde geregtigheid en die oppergesag van die reg, vooropstelling van die Afrika- kulturele renaissance, betrokke en bemagtigde jongmense en kinders, toegang tot energie, water, gesondheidsorg, indiensneming, opvoeding, ensovoorts.

- 3. Ontwikkeling van mensekapitaal en getransformeerde instellings:** goed opgevoede burgers en vaardigheidsrevolusie begrond op wetenskap, tegnologie en innovasie, gevestigde en funksionele finansiële en monetêre instellings op die kontinent, invoering van bevoegde instellings en transformerende leierskap, 'n volledig funksionele en operasionele

5.2.1.b Agenda 2063 impakarea 1: Industrialisasie en welvaartskepping

<ol style="list-style-type: none"> 1. Akwakultuur 2. Bio-energie – etanolverwerking 3. Bio-energie – alternatiewe versoeters SCFOS 4. Agroverwerking – tradisionele geneesmiddels 5. Agroverwerking – tradisionele voedselprodukte 6. Biovervaardiging van biologiese en probiotiese middels vir die landbou 7. Veilige en doeltreffende hawens 8. Naoes-tegnologieë 9. Naoes- virtuele prototiperingsplatform 	<ol style="list-style-type: none"> 10. Afstandswaarneming vir presisielandbou 11. Diagnostiese en waarnemingstelsels om siekte-uitbrake te bestuur 12. AUDA-NEPAD SANBio 13. AUDA-NEPAD Networks of Water-sentrums van uitnemendheid 14. Portaal vir die verskaffing van statusaanwysers rakende grondgebruik, veranderde grondgebruik en bosbou 15. Voedselwetenskap – inheemse produkte 16. WNNR-Sentrum vir Hoëprestasieberekening
---	--


5.2.1.c Agenda 2063 impakarea 2: Gemeenskaplike welvaart en getransformeerde bestaanswyses

<ol style="list-style-type: none"> 1. Ontwikkeling van inentings teen Covid-19 2. Op-die-plek-toetsing vir tuberkulose 3. Hoëdeurset-siftingstegnologieë vir toepassing in geneesmiddelontwikkeling 4. Epidemiologiese modellering 5. Bio-informatika en data-ontleding 6. Stygendeskaalraamwerk vir telegesondheid (Eng. TDSF) 7. Network Emulation and Simulation Laboratory- (NESL-)platform 8. MaRoeN Gesondheidspaspoort – vroeë opsporing van nie-oordraagbare siektes (NOI's) en voorkoming-/siftingsinstrument 9. Hernubare energie – heliostaat/helioblad 10. Hernubare energie – PV-gesondheidsmonitering 	<ol style="list-style-type: none"> 11. Hernubare energie – Solar Turtle 12. Hernubare energie – windkragopwekker 13. Modulêre kliniek met vermoë om hernubare energie en ander omgewingsvriendelike innovasies te gebruik, draagbare CO2-toestelle vir risikoassessering 14. Future Pharma – lokaliserings van die vervaardiging van aktiewe farmaseutiese bestanddele vir kleinmolekuul-sowel as biofarmaseutiese middels 15. Presisiegeneeskunde-gebaseerde sifting, presisiegeneeskunde – kanker in die eierstokke, ontwikkeling van bekostigbare menslike entstawwe
---	--


Die US het in 2015 'n **Kennisgids** tot stand gebring om die sigbaarheid van die navorsingskundigheid aan die Universiteit te verhoog deur inligting oor US-navorsers toegankliker te maak. Ons doen dit by wyse van 'n aanlyn paneelbord wat op die US-webblad vertoon word. Die waarde van die Gids lê daarin dat voornemende studente moontlike studieleiers kan raaksien; dit sal mediaskakeling fasiliteer; moontlike nasionale en internasionale navorsingsamewerking

en bedryfsvennote kan die Gids deurkyk vir kundiges aan die US; dit kan interdisiplinêre netwerkvorming onder US-navorsers bevorder; en dit het die algemene potensiaal om die sterk punte van navorsing aan die US en individuele navorsingskundigheid sigbaarder te maak.

Besoek die US Kennisgids by http://www0.sun.ac.za/knowledge_directory/.



Figuur 14: Twiet-impressions 2021



Figuur 15: Profielbesoeke 2021

5.5 Research at Stellenbosch University-publikasie (Research@SUN)



Die publikasie Research@SUN

Research at Stellenbosch University is 'n publikasie wat die ANO elke jaar uitgee. Dit word as een van die US se spogpublikasies beskou en is 'n platform waarop ons navorsingsuittnemendheid, en die tersaaklikheid en voordeel wat dit vir die oplossing van maatskaplike behoeftes inhou, sigbaarder maak.

Die jongste uitgawe berig oor innoverende en interessante Covid-19-navorsing aan die US gedurende 2020 én daarna wat die pandemie in studies oor alle akademiese dissiplines heen onder die soeklig plaas. Research@SUN bied aan die nasionale en internasionale wetenskaplike gemeenskap sowel as ander partye wat belangstel 'n omvattende maar ook toeganklike oorsig oor hierdie navorsing. Dit berig ook oor deurbreke in geneeskundige ondersoeke, beskryf die belangrike rol van US-kundiges oor immunologie in die stryd teen die pandemie, en wys hoe biotegnologie ingespan word om Covid-19-verwante uitdagings die hoof te bied. Hierdie uitgawe dek ook navorsing wat die sosio-ekonomiese uitwerking van die pandemie naspoor, en beklemtoon hoe navorsers en denkers in die humaniora op ons huidige situasie reageer het.

Sommige bydraes fokus op Covid-19-navorsing wat verband hou met heelgenoom-volgordebepaling, afvalwaterbestuur, immunologie, biomerkers, nuwe diagnostiese instrumente, sintetiese farmaseutiese middels, bewaring, suurstofbehandeling, patogeenoordrag, behuising, kinders, sport- en oefeninggeneeskunde, inentings, opvoeding, persoonlike beskermende toerusting, voedsel-sekerheid, vrouenavorsers, musiek, koronavirus-visualiserings, handhawing van sosiale afstand, grenseltydperke, geestesgesondheid, belastingverligting, rehabilitasie, verpleegkundiges, gender-gelykheid, gestremdheid en sakebedrywighede.

- Lees die blaaiboekweergawe van Research at Stellenbosch University hier: https://bit.ly/su_research_20.
- US-navorsers het ook talle Covid-19-verwante redaksionele en meningsartikels geskryf. Die SNO het 50+ van hierdie bydraes uit Maart 2020 tot Februarie 2021 saamgestel in die [verslag](#) wat hier te lees is.
- Kyk hierdie [video](#) oor die publikasie vir 'n voorsmakie van wat 'n mens daarin kan verwag.

5.6 Uitgelese professors aan die US





Prof F Bauer

Die US het in 2014 'n program bekendgestel om ons topnavorsers te vereer deur hulle tot uitgelese professors te verklaar. Die titel is geskep om erkenning te gee aan die heel bestes onder US-akademici wat die hoogste sport in hulle loopbaan behaal het. Die kriteria om in aanmerking te kom, is onder meer minstens vyf jaar bekleding van 'n professorskap aan die US; voortgesette uitmuntende prestasie oor die afgelope drie jaar; internasionale aansien in die betrokke kennisveld; bewese uitsonderlike studieleiding, leer en onderrig; en gemeenskapsbetrokkenheid. Daarby moet die aangewese persone getoon het dat hulle hulleself belyn met die Universiteit se visie om inklusief, innoverend en toekomstgerig te wees. Daar is tans 38 uitgelese professors aan die US.



Prof T Young

Die ANO het in 2020 'n aanlyn veldtog geloods om die profiel van sommige van ons uitgelese professors in die kollig te plaas aan die hand van 'n stel vrae. Vanaf Augustus tot November 2021 is onderhoude met hulle gevoer wat op 'n spesiale webblad vir uitgelese professors ([https:// sites.google.com/ view/ distinguishedprofessors/home](https://sites.google.com/view/distinguishedprofessors/home)) gepubliseer en oor verskeie sosialemedia-platforms heen versprei is – Research at Stellenbosch University se Facebook-blad, die US se Facebook-blad en Research at SU se Twitter-blad. Research at Stellenbosch University se Facebook- en Twitter-bladsye bied nuttige platforms om navorsingswerkzaamhede aan die US voortdurend in die openbare oog te hou.

5.7 US-vroue in navorsing



Die US se Vroue in Navorsing-platform

Ons navorsingsgemeenskap sluit vrouenavorsers in wat uitsonderlike talent en innoverende idees het en uitmuntende navorsing met tersaaklike uitkomstevrig. Hulle navorsings- en verwante werkzaamhede het hulle in staat gestel om besluitnemingsprosesse te beïnvloed, regstreeks daartoe by te dra dat mense se lewe verander word, en vorendag te kom met innoverende idees wat tot tegnologiese ontwikkelings gelei en nuwe konsepte wat meer volhoubare praktyke laat ontstaan het. Die ANO het 'n aanlyn platform geskep wat aan hierdie prestasies vanoor die afgelope paar jaar toegewy is: Vroue in Navorsing ([https://bit.ly/ suwomen](https://bit.ly/suwomen)).

5.8 Navorsingsleerstoel en sentrums van uitnemendheid (SVU's)



Die brosjure oor navorsingsleerstoel en SVU's

Die US se visie is om innoverend en inklusief te wees en om kennis in diens van die samelewing te bevorder. Ons strategiese posisie en die fokus van ons navorsingsleerstoel en SVU's bewys dat ons belyd is met die land se behoeftes en prioriteite soos dit beskryf word in ons presidensie se Strategiese Raamwerk vir die Medium Termyn, die Nasionale Ontwikkelingsplan vir Suid-Afrika en die Verenigde Nasies se globale Doelwitte vir Volhoubare Ontwikkeling (Eng. SDGs).

'n Boekie oor ons navorsingsleerstoel en SVU's is beskikbaar en verskaf 'n momentopname van die sleuteliniatiewe wat daardeur onderneem word en

wat ons in staat stel om navorsingsuitnemendheid kragtig na te streef en tot die ontwikkeling van plaaslike en globale vermoëns by te dra. Ons sien watter voordele hierdie inisiatiewe meebring, nie slegs in die vorm van groter sigbaarheid vir die Universiteit nie, maar ook vir navorsers – dit bemoontlik befondsingsgeleenthede, navorsingsamewerking en netwerkvorming. Die boekie wys hoe tersaaklik en toepaslik ons navorsing vir die gemeenskap is, en hoe ons daartoe bydra om maatskaplike omstandighede te verbeter.

Lees hier daaroor by <https://tinyurl.com/chairs-coe>.

5.9 Stellenbosch Forum-lesingreeks 2021

ANO/DIRD
AFDELING/DIVISION
NAVORSINGSONTWIKKELING
RESEARCH DEVELOPMENT
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH

PRESENTS:

STELLENBOSCH FORUM

LECTURE SERIES

RAGE

People in the world have every reason to be in a state of total rage. What we do with that rage together is important. Rage can be crafted—it's sort of an art form of politics (Butler, New Yorker, 2020).

Why is it that our current time is referred to as "the age of rage"? Why is it that so many very different feminist scholars (Butler, Nussbaum, Rose among others) are writing about rage, claiming also that "feminists are raging"? What are South Africans specifically so enraged about? To what extent is this rage gendered and raced and classed? In this paper I will address some of these questions by looking at South African rage from a psychological perspective, trying to unpack the nature of rage, the causes of rage and the impact of rage in our particular context. I want to explore how rage, when recognized, understood, and managed can become an energizing and constructive force, rather than a destructive one. I will do this by looking at the recent literature, but also by discussing some clinical vignettes.

PROF LOU-MARIÉ KRUGER

Professor Lou-Marié Kruger obtained a M.Soc.Sci. (Political Studies) from the University of Cape Town (1989) and a M.A. and Ph.D. (Clinical Psychology) from Boston University (1996). She completed an American Psychological Association accredited internship for Clinical Psychology at Massachusetts Mental Health Center, Harvard Medical School in 1996. She was a runner-up for the national award, Distinguished Women Researcher in 2016. She was also awarded a B-2 rating by the NRF in 2017. She is currently Professor and Chair of the department at the Department of Psychology of Stellenbosch University. In her research, she focuses on the emotional worlds of low-income South African mothers, utilising mainly psychoanalytic, feminist and postmodern theoretical frameworks. Kruger has also had a small part-time private practice in Stellenbosch for more than 20 years.

Wednesday, 20 October 2021
13:00 - 14:00
Register: <https://bit.ly/3iWSzsv>
Enquiries: drdcomm@sun.ac.za

A MS Teams link will be sent to all participants via e-mail.

IS UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY
100
1918-2018

ANO/DIRD
AFDELING/DIVISION
NAVORSINGSONTWIKKELING
RESEARCH DEVELOPMENT
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH

PRESENTS:

STELLENBOSCH FORUM

LECTURE SERIES

COASTAL ECOLOGY AND CONSERVATION: MERGING SCIENCE AND TRADITIONAL KNOWLEDGE IN INHAMBANE BAY, MOZAMBIQUE

Mangroves occur in tropical and subtropical coastal areas around the globe where they serve several ecosystem functions. In South Africa and Mozambique, mangroves face several challenges. In South Africa, mangroves are well-studied and occur largely in government-mandated protected areas. In Mozambique, very little is known about mangrove habitats and protection is largely community-based. Although conservation measures are in place and monitoring is rigorous, the effectiveness of these zones has not yet been studied. Using scientific methods and traditional knowledge, we examined the biodiversity of mangroves in South Africa and Mozambique, and attempted to examine the effects of community-based no-take zones and human influence on mangrove ecosystems and diversity. The Inhambane Bay Mangrove Study provides a unique opportunity to understand: 1) what makes a community-supported conservation initiative successful; 2) how this system works with little to no conflict between stakeholders each with a unique understanding and set of knowledge; and 3) how to involve communities in scientific study of their environment. Using multiple approaches, we reveal not just the biology and ecology of the Inhambane Bay mangroves, but also the stories of the communities that have protected this habitat for centuries and the lessons we have learnt from them. We also discuss the importance of working together respectfully and incorporating indigenous knowledge into scientific studies and resource management.

DR NASREEN PEER

Dr Nasreen Peer holds a BSc (Hons) in Marine Biology from UKZN, and a PhD in Zoology from NMU. She specialises in the diversity and ecology of aquatic invertebrates in a wide range of coastal and freshwater habitats, particularly in estuaries, rocky shores and mangroves. She is currently a lecturer at Stellenbosch University and the co-founder of Argonaut Science (Pty) Ltd. Her current research interest involves understanding community-based conservation in Mozambique and South Africa, a project that involves collaboration between community members and researchers. Peer's interest in science communication and knowledge exchange is growing as she tries to incorporate citizens, indigenous communities and other researchers into each of her research projects. She believes that each person has something unique to offer about their environment and encourages every person to learn and research beyond just what is expected.

Thursday, 11 November 2021
13:00 - 14:00
Register: <https://bit.ly/3j1Ng0o>
Enquiries: drdcomm@sun.ac.za

A MS Teams link will be sent to all participants via e-mail.

IS UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY
100
1918-2018

Twee lesings in die Stellenbosch Forum-reeks

Die Stellenbosch Forum-lesingreeks is in 1990 ingestel en verskaf gereelde geleenthede vir Universiteitspersoneel en -studente, sowel as lede van die publiek wat belangstel, om meer te wete te kom oor die tersaaklike navorsing van wêreldgehalte wat aan die US verrig word. Navorsers word versoek om hulle akademiese navorsingsonderwerpe aan te bied op 'n manier wat vir nie-vakkundiges verstaanbaar sal wees. Gevolglik bied hierdie lesings die ideale geleentheid vir kritiese debatvoering en interessante gesprekvoering oor dissiplinêre grense heen. Die reeks is in 2021 aanlyn aangebied.

Opnames van die lesingreeks is hier gelaai: <http://www.sun.ac.za/english/research-innovation/Research-Development/research-facts/lectures-presentations>.

5.10 Navorsingsindaba-reeds

Die tema vir 2021 was 'Integrity, quality and security' – oor sleuteloorwegings in die proses van kennisproduksie.

Tabel 10: Inskrywings per lesing

Aanbieder	Titel	Inskrywings
Prof Lou-Marie Kruger	Rage	132
Dr Nasreen Peer	Coastal ecology and conservation – oor hoe om wetenskaplike en tradisionele kennis in Inhambane-baai, Mosambiek, bymekaar te bring	30
Prof Stella Viljoen	The politics of cool – oor manlike subjektiwiteit en die kuns van Donald Glover en Mohau Modisakeng	81
Dr Tanya de Villiers-Botha	Whose responsibility is it anyway? – oor waarheid en sosiale media	63

PRESENTS:
RESEARCH INDABA SERIES
Integrity, Quality and Security: key considerations in the knowledge production process

Save these dates!

The aim of the Indaba is to provide an opportunity where researchers from across the ten Faculties at SU can discuss and debate topics of common interest.

The theme this year will be around key considerations that researchers have to keep in mind during the knowledge production process. The Indaba will be presented online in three separate sessions and will focus on research integrity, research publication practices and research data management. Each session will include a presentation by SU experts in the field, as well as an opportunity to discuss the SU support structures in place related to these topics. Researchers will also be given the opportunity to share their experiences and opinions on these topics.

We trust that this will provide a platform for dynamic discussions!

19 July 2021 - research integrity
18 August 2021 - research publication practices
25 October 2021 - research data management

The sessions will take place from 10:00 to 12:00. More information on each session and how to register will be advertised closer to the time.

UNIVERSITEIT
YUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY 100
1918-2018

BIED AAN:
NAVORSINGSINDABA REEKS
Integriteit, Kwaliteit en Sekuriteit: sleuteloorwegings in die kennisproduksieproses

Onthou hierdie datums!

Die doel met die Indaba is om 'n geleentheid te skep waar navorsers regoor die tien fakulteite aan die SU saam kan praat en verskillende opinies kan uitspreek rondom temas van gemeenskaplike belang.

Hierdie jaar se tema fokus op sleuteloorwegings wat navorsers tydens die kennisproduksieproses in gedagte moet hou. Die Indaba word in drie afsonderlike sessies aanlyn aangebied en fokus op navorsingsintegriteit, navorsingspublikasiepraktyke en die bestuur van navorsingsdata. Elke sessie sal 'n aanbieding deur SU-kundiges in die veld insluit, asook 'n geleentheid om die SU-ondersteuningsstrukture te bespreek wat verband hou met hierdie onderwerpe. Navorsers sal ook die geleentheid kry om hul ervarings en menings oor hierdie onderwerpe te deel.

Ons vertrou dat hierdie 'n platform vir dinamiese besprekings sal bied!

19 Julie 2021 - navorsingsintegriteit
18 Augustus 2021 - navorsingspublikasie praktyke
25 Oktober 2021 - navorsingsdatabestuur

Die sessies sal vanaf 10:00 tot 12:00 plaasvind. Meer inligting oor elke sessie en hoe om te registreer sal nader aan die tyd geadverteer word.

UNIVERSITEIT
YUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY 100
1918-2018

Kalender vir die Navorsingsindaba-reeks

Die oogmerk van die jaarlikse Navorsingsindaba is om 'n geleentheid aan te bied waar navorsers vandoor die tien fakulteite aan die US onderwerpe van gemeenskaplike belang kan bespreek en daarvoor kan debatteer.

Die tema vir 2021 het oor sleuteloorewegings gehandel wat navorsers tydens die proses van kennisproduksie voor oë moet hou. Die Indaba is vir die eerste keer as 'n aanlyn reeks aangebied. Daar was drie afsonderlike sessies, wat onderskeidelik oor navorsingsintegriteit, navorsingspublikasiepraktyke en navorsingsdatabestuur behandel het. Elke sessie het 'n aanbieding deur US-kundiges op die gebied behels, sowel as 'n geleentheid om te gesels oor die steunstrukture vir verbandhoudende werksaamhede wat aan die US beskikbaar is. Navorsers het ook geleentheid gekry om hulle belewenis van en mening oor die onderwerpe onder bespreking te lug.

Opnames van die lesingreeks is hier gelaai: <http://www.sun.ac.za/english/research-innovation/Research-Development/research-facts/lectures-presentations>.

5.11 Nuwe dwarsliggende navorsingsentiteite

5.11.1 Universiteit Stellenbosch Skool Vir Klimaatstudie

Die US het op 29 Julie 2021 die Universiteit Stellenbosch Skool vir Klimaatstudie amptelik geopen as deel van die Universiteit se werksaamhede in die stryd teen klimaatsverandering. Dit is die eerste sodanige skool in Suid-Afrika wat die status van 'n fakulteit het. Die oogmerk is om transdissiplinêre vermoë te bou wat die klimaatverwante kennisstelsels aan US-fakulteite sal saamvoeg met openbaresektor-beleide en -inisiatiewe, die privaat sektor se vermoëns vir klimaatsherstel en innovasie, en die US se missie vir sosiale impak deur akademiese sowel as toegepaste werksaamhede – alles ter ondersteuning van die oorskakeling na 'n klimaatbestande samelewing en laekoolstof-ekonomie.

- Lees by <https://bit.ly/SUclimatestudies> meer oor die klimaatverwante navorsing wat aan die US gedoen word in 'n spesiale publikasie wat op hierdie uiters belangrike kwessie toegespits is.
- Om meer oor die Skool te wete te kom, besoek <http://www.sun.ac.za/english/research-innovation/Climate-Studies>.
- Kyk hier na 'n video wat 'n oorsig van die Skool se werksaamhede gee: <https://www.youtube.com/watch?v=dYFVWN1TFfo>.



Publikasie oor die Skool vir Klimaatstudie



Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenk

5.11.2 Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke

Die US het die amptelike opening van die Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke op 29 Julie 2021 met 'n funksie by die Stellenbosch Instituut vir Gevorderde Studie (STIAS) gevier. Die oogmerk is om 'n wêreldklas-instelling vir datawetenskap en rekenaardenke in en vir Afrika te wees. Die Skool werk oor die US se tien fakulteite heen om multi-, inter- en transdissiplinêre samewerking te genereer. Dit dek ook die volle akademiese projek, vanaf voor- en

nagraadse opleiding tot navorsing en gespesialiseerde konsultasie.

“Met ons nuwe Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke is die Universiteit Stellenbosch oorgehaal om Suid-Afrika se mededingendheid in die Vierde Industriële Revolusie te bevorder” [vertaal uit Engels].

Hierdie aanhaling en meer inligting oor die Skool is te kry by <https://www.sun.ac.za/english/data-science-and-computational-thinking/>.

5.11.3 Biomediese Navorsingsinstituut (BMNI)



Binnkant van die BMNI

Die BMNI se hoofgogmerk is om siektes te ondersoek wat die grootste uitwerking op gemeenskappe in Suid-Afrika en die res van Afrika het, en om die bevindings toe te pas om siektes soos TB, MIV-infeksie, diabetes, hartsiekte en neurologiese steurings beter te diagnoseer, voorkom en behandel. Die fasiliteit is op dieselfde vlak as die mees gevorderde en gesofistikeerde fasiliteite vir biomediese navorsing ter wêreld. Dit maak dit moontlik om onmiddellik

die huidige navorsingswerkzaamhede uit te brei en navorsings- en onderrigkapasiteit op te bou op gebiede soos bio-informatika, genoomstudies, anatomie, neurobiologie, gevorderde chirurgiese wetenskappe en biobanke.

Vir meer inligting oor die Instituut, besoek <http://www.sun.ac.za/english/faculty/healthsciences/biomedical-research-institute>.

5.12 Feite en Syfers oor Navorsing

Die ANO se brosjure Feite en Syfers oor Navorsing verskaf 'n oorsig oor navorsing aan die US. Dit dek inligting vanaf ranglyste tot nadoktorale genootskappe, internasionale befondsing en navorsingspublikasies. Lees die brosjure hier: <https://online.fliphtml5.com/cvapr/ihia/>.

5.13 Researcher Persona op My.SUN

Die My.SUN-oortjie op die US se tuisblad verskaf "personas" vir personeel, voor- en nagraadse studente en navorsers. Researcher Persona is 'n eenstop-platform waar navorsers navorsingsverwante inligting kan bekom.

Die skakels wat op dié manier verskaf word, dek belangrike navorsingsverwante inligting vanuit verskillende steundienste, onder meer die ANO, die Nagraadse Kantoor, US Internasionaal (USI), die BID en die Afdeling Informatietegnologie (IT). Die ANO koördineer die personas. Inligting is in vyf hoofkategorieë verdeel, naamlik: vaardigheidsontwikkeling ('Skills Development'), navorsings-

inligting ('Research Information'), stelsels en hulpmiddels ('Systems and Tools'), steundienste ('Support Services') en steunafdelings ('Support Divisions'). Die platform is dinamies – dit word met skakels na tersaaklike inligting bygewerk namate behoeftes ontwikkel.

Besoek dit by <https://midtier.sun.ac.za/html-navbar/home.html>

5.14 Navorsingsinligtingspakket

Die ANO het 'n navorsingsverwante inligtingspakket ontwikkel wat hulle een keer 'n jaar aan dekane, visedekane, Navorsing en departementshoofde uitstuur. Die pakket verskaf 'n momentopname van navorsingswerkzaamhede binne elke fakulteit en departement, onder (vele) meer statistiek oor navorsingsuitsette, inligting oor befondsing wat bekom is, NNS-graderings, etiese toepassings en algemene inligting oor die ANO se funksies en dienste.

Die ANO werk ook saam met die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur (IOB) deur die navorsings-



Die Feite en Syfers oor Navorsing-brosjure

Die navorsingsverwante inligtingspakket

verwante data te verskaf wat in die PowerBI™-stoorplek opgeneem word. Die gedagte is om meer waarde uit die inligtingspakket te haal en sinergie tussen die twee aanbiedings te skep.


5.15 Navorsingsteun by die BID

Die BID streef daarna om ons leierskaprol in digitale vakkundigheid en navorsingsteun by die instelling te versterk. Dit is belyn met die Universiteit se strategiese tema 'Navorsing vir impak'.


5.15.1 Digitale Vakkundigheid

Die BID se digitale versamelings het in 2021 aansienlik gegroei en die statistiek getuig van verhoogde gebruik teenoor vorige jare.


Altesaam 1 154 tesisse en proefskrifte en 1 233 navorsingsartikels deur US-outeurs is in 2021 tot die institusionele versameling, SUNScholar, bygevoeg. Dit is 'n beduidende toename in navorsingsartikels sedert 2020. Die versameling is ook meer gebruik: 461 735 besoeke en 158 470 keer afgelaai.




Figuur 16: Totale getal items in SUNDigital-versamelings



Figuur 17: Navorsingsuitsette tot SUNScholar bygevoeg



Figuur 18: SUNScholar-gebruik



Figuur 19: Gebruikstatistiek vir SUNDigital

Die 1 836 nuwe items wat in 2021 tot ons digitale erfenisversameling, SUNDigital Collections, bygevoeg is, het die totale getal items in die versameling op 15 896 te staan gebring. Hierdie versameling is ook aansienlik meer gebruik: Die syfers het meer as verdubbel sedert 2020. Noemenswaardige versamelings wat bygekom het, sluit die Hidden Years-musiekargief en die Genadendal Museum-musiekversameling in.

SUNScholarData, die BID se navorsingsdata-versameling, het ook uitbreiding en verhoogde gebruik in 2021 getoon, soos in Tabel 11 uiteengesit.

SUNJournals, die BID se platform vir ooptoegang-vaktydskrifte, het in 2021 navorsingsuitsette deur 93 US-outeurs in 21 aktiewe vaktydskrifte beskikbaar gestel.

5.15.2 Digitale Humaniora

'n Digitale Humaniora-span is in Maart 2021 op die been gebring om die rol te ondersoek wat biblioteke kan vervul om digitale humaniora te ondersteun en verwante dienste te ontwikkel. 'Digitale humaniora' is 'n sambreelterm vir teorieë, metodologieë en praktyke wat met vakkundigheid in die humaniora verband hou en waarin die digitale rekenaar 'n verweefde en noodsaaklike deel van navorsings- en onderrigwerksaamhede uitmaak.

Die span het in Mei 2021 'n verslag voorgelê en vervolgens 'n biblioteekgids en webbladsye vir digitale humaniora ontwikkel. 'n Samewerkende projek met die Departement Ekonomie het gevolg, wat die digitalisering van 'Men of the times' – oor ou koloniste van die Kaapkolonie en Oranjerivierkolonie – behels het. 'n Hoëresolusie- deursoekbare digitale eksemplaar is op SUNDigital Collections beskikbaar, wat beteken dat die boek nou vrylik vir navorsers beskikbaar is om oop te maak, te ontleed en te gebruik. Daaropvolgende projekte het die digitalisering van nog twee Africana-bronne vir die Departement Ekonomie behels, asook die digitalisering van 'n dagboek oor die Anglo-Boereoorlog vir navorsingsdoeleindes. Die BID hoop om in die toekomst steeds met navorsers in digitale humaniora saam te werk en ons dienste op hierdie gebied uit te brei.

5.15.3 Ooptoegangweek

Internasionale Ooptoegangweek 2021 is wêreldwyd van 25 tot 31 Oktober gevier met die tema 'It matters

how we open knowledge' – oor hoe om strukturele gelykheid te bewerkstellig. Die BID het op 26 Oktober 'n aktuele webinar met drie aanbiedings gehou: 'How can ShareYourPaper make self-archiving simpler for researchers?' deur Joe McArthur, Assistentdirekteur: The Right to Research Coalition; 'The wicked problems of academic publishing' deur dr John Measey, Hoofnavorsers en Adjunkdirekteur: Sentrum vir Indringerbiologie (SIB), wat in die Departement Plant- en Dierkunde aan die US gesitueer is; en 'Building sustainable information structures through open access: Impact of transformative agreements and beyond for Africa' deur Naomi Visser, Bestuurder: E-hulpbronne, US Biblioteek.

5.15.4. Ooptoegangpublikasiefonds

Die Ooptoegangpublikasiefonds is in 2009 gestig om US-navorsers te ondersteun wat in ooptoegangvaktydskrifte wil publiseer. Die fondse het egter in April 2021 opgedroog, en die BID is gedwing om die Fonds permanent te sluit. Terwyl die Fonds in bedryf was, is 1 035 artikels teen 'n totale koste van R11 090 416 befonds.

Die BID administreer steeds die Universiteit se deponeringsekening by SpringerNature (voorheen BioMed Central), wat dit vir US-navorsers moontlik maak om ooptoegangartikels aan SpringerNature voor te lê sonder om outeursgeld vóór publikasie te betaal. Dit bied navorsers ook 15% afslag op die artikelverwerkingskoste (Eng. APC) vir sekere SpringerNature-titels. Die navorsers moet wel ná publikasie die volle outeursgeld aan die BID terugbetaal, plus 15% BTW.

Die BID het ook ooreenkomste met 'n aantal uitgewers gesluit wat US-navorsers in staat stel om op ooptoegangplatforms te publiseer sonder om enige APC te betaal. Cambridge University Press (CUP), Association for Computing Machinery (ACM), SAGE, ImechE en Emerald tel onder hierdie uitgewerye.

5.15.5 Navorsingsdatadienste

Wat opleiding betref, het ons drie werksessies as deel van die #SmartResearcher-program vir 2021 aangebied. Die syfers word in Tabel 12 uiteengesit.

Tabel 11: Navorsingsdataversameling

	2019	2020	2021	Total
Getal deponerings	47	43	91	181
Getal deponeerders	10	15	23	40
Getal besigtigings	2 774	7 970	5 034	15 778
Kere afgelaai	209	1 765	3 078	5 052

Tabel 12: Opleidingsessies 1ste semester

Opleidingsessie	Teenwoordig	Besigtigings (van die opname)
Inleiding tot NDB	62	30
Beskikbaarstelling en Verspreiding van Data	41	7
Gebruik van die Institusionele Navorsingsdataversameling	36	11

Tabel 13: Opleidingsessies 2de semester

Opleidingsessie	Teenwoordig	Besigtigings (van die opname)
Inleiding tot NDB	29	11
Beskikbaarstelling en Verspreiding van Data	15	1
Gebruik van die Institusionele Navorsingsdataversameling	25	3

NDB-verwante opleidingsessies is ook, op hulle versoek, by verskeie fakulteite en departemente aangebied.

- Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe het 'n inleidende sessie vir hulle nagraadse studente aangevra.
- Die Sentrum vir Historiese Trauma en Transformasie het 'n inleidende sessie vir hulle magister- en doktorsale studente aangevra.
- Die Nagraadse Skool vir Lettere en Sosiale Wetenskappe het 'n sessie oor die BID se navorsingsteundienste versoek, wat 'n aanbieding oor navorsingsdatadienste moes insluit.
- Die Departement Kurrikulumstudie het 'n inleidende sessie sowel as 'n gewone sessie oor databestuursbeplanning aangevra.
- Die Fakulteit Krygskunde het 'n inleidende sessie sowel as 'n sessie oor databestuursbeplanning aangevra om deel van Militêre Week 2021 uit te maak.

Wat konsultasie- en inligtingsdienste oor navorsingsdatabestuur betref, het die Senaat se goedkeuring van die US se Reglement oor Navorsingsdatabestuur in November 2020 die profiel van NDB instellingwyd 'n hupstoot gegee. Saam met die bekendstelling van die Dienstoonbank vir Navorsings-IKT vroeër vanjaar het dit 'n aansienlike toename in navrae oor navorsingsdata gestimuleer. Navorsers en studente het talle versoeke via die Dienstoonbank vir Navorsings-IKT gerig. Die oorgrote meerderheid navrae oor navorsingsdatabestuur het met databestuursbeplanning en SUNScholarData verband gehou.

Wat databestuursbeplanning betref het die BID 'n landskapontleding van die verskillende sagtewareoplossings wat beskikbaar is, gedoen en verskeie moontlike geëvalueer. Die voorlopige ontleding het Data Stewardship Wizard as die belowendste opsie vir instellingwye invoering aangedui. Die funksionering van die sagteware is getoets deur dit in 'n ontwikkelingsomgewing op te stel en die swartboks-toetstegniek toe te pas.

6. Werkgewer van voorkeur

Die institusionele doelstellings vir hierdie tema is:

- Ontwikkel 'n omvattende mensestrategie vir die US wat diversiteit en billikheid aanspreek, unieke talente en sterkpunte benut, lewenslange leer bevorder en prestasies vier.
- Versterk die welstand van ons mense deur 'n instaatstellende, inklusiewe, billike, gesonde en veilige werks- en leeromgewing te skep en te bevorder wat ons diverse personeel aanspoor om so produktief moontlik te wees, en waar hulle gewaardeer voel en tot die universiteit se uitnemendheid bydra.
- Verbeter menslikehulpbronprosesse deur die toepassing van tegnologie en digitalisering.
- Ontwikkel en implementeer 'n vernuwend plan vir talentwerwing en -bestuur, met inbegrip van markverwante vergoeding, die bestuur en beloning van prestasie, die bepaling van bevoegdheids, en die ontwikkeling van talent en leierskap deur die hele loopbaansiklus van elke US-werknemer.
- Ondersteun die ontwikkeling van die US as 'n leerorganisasie wat op individuele sowel as organisatoriese behoeftes reageer.

6.1 Toekennings en pryse

6.1.1 Draper-gedenkmedalje



Prof Alex Kisters, strukturele geoloog in die Departement Aardwetenskappe, is vanjaar se ontvanger van die hoog aangeskrewe Draper-gedenkmedalje, die hoogste wetenskaplike toekenning deur die Geologiese Vereniging van Suid-Afrika (GVSA).

Prof Alex Kisters
Die Medalje word elke jaar aan 'n GVSA-lid toegeken vir uitsonderlike bydraes tot die geologiese wetenskappe oor hulle loopbaan heen, met besondere verwysing na die bevordering van Suid-Afrikaanse geologie. Die Draper-gedenkmedalje is in 1932 ingestel ter ere van dr David Draper, wat die vernaamste dryfkrag vir die stigting van die GVSA in 1895 was.

Prof Kisters is vereer vir die aansienlike bydraes wat hy in sy loopbaan gemaak het tot die begrip van die argitektuur van die aardkors van Suidelike Afrika, in 'n hele aantal tektoniese domeine, en vir sy toewyding aan studenteonderrig en -leiding oor sy loopbaan heen.

6.1.2 Highly Cited Researchers 2021



V.l.n.r. profs Oonsie Biggs, Linus Opara en Dave Richardson

Drie voorste US-akademici het die Highly Cited Researchers™-lys vir 2021 gehaal wat op 16 November deur die Web of Science Group vrygestel is: profs Oonsie Biggs (dwarssluggende velde), Umezuruike Linus Opara (Landbouwetenskappe) en Dave Richardson (Omgewing en Ekologie).

Die lys, wat met groot afwagting begroet word, vermeld natuur- en sosiale wetenskaplikes wat verskeie referate gelewer het wat onder die 1% mees aangehaalde bronne op hulle vakgebied en in die jaar van publikasie ressorteer, wat van aansienlike navorsingsinvloed onder hulle eweknieë getuig. Die 2021-lys bevat 6 602 hoogs aangehaalde navorsers uit meer as 70 lande en streke uit 21 kennisvelde wat onder natuur- of sosiale wetenskappe verdeel word.

6.1.3 FVSA-lewenslange toekenning



Prof Faadiel Essop

Prof Faadiel Essop, Direkteur: Sentrum vir Kardiometaboliese Navorsing in Afrika (CARMA), het 'n lewenslange toekenning vanaf die Fisiologievereniging van Suider-Afrika (FVSA) ontvang ter erkenning van sy bydrae tot die fisiologiese wetenskappe. Hy het homself in sy lang loopbaan onderskei, landwyd sowel as in die buiteland.

6.1.4 Grand Challenges Africa-toekenning



Dr Gabriel Mashabela

Dr Gabriel Mashabela, spesialiswetenskaplike by die Sentrum vir TB-navorsing van die Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad (SAMNR), het AESA (Alliansie vir die Versnelling van Uitnemendheid in Wetenskap in Afrika) se Grand Challenges Africa-toekenning ontvang. Die toekenning salsy navorsing oor Suid-Afrikaanse medisinale plante help be-

fonds, wat as oogmerk het om moontlike nuwe behandelings vir tuberkulose (TB) te ondersoek. Die AESA-toekenning is spesifiek vir navorsing oor geneesmiddelontwikkeling.

6.1.5 SAIIIE-toekenning vir Uitnemende Onderrig en Leer in Bedryfsingenieurswese



Prof Jan Van Vuuren

Prof Jan van Vuuren van die Fakulteit Ingenieurswese het die SA Instituut vir Bedryfsingenieurswese (SAIIIE) se Toekenning vir Uitnemende Onderrig en Leer in Bedryfsingenieurswese ontvang. Die Toekenning gee erkenning aan uitnemende onderrig, in die besonder innovasie en vars onderrigmetodes, kursusontwerp, assessering en ander aspekte van die akademiese projek.

6.1.6 Toekenning vir Uitnemende Onderrig in Struktuuringenieurswese (ESEEA)



Prof Richard Walls

Prof Richard Walls van die Fakulteit Ingenieurswese het die ESEEA-toekenning in 2021 gewen. Die toekenning vier innoverende en doeltreffender onderrigtegniek wat studente leer op tersiële vlak verbeter.

Prof Walls se inskrywing bevat talle besonderhede oor sy span wat van innoverende benaderings tot die ontwikkeling van tegniese bevoegdheid in struktuuringenieurswese en verwante velde getuig. Die besonderhede sluit sy betrokkenheid by die onderrig van voor- en nagraadse kursusse aan die US in, soos Struktuurontwerp: Staalbou, Betonbou (gevorderd), Ontwerpprojek (finalejaars) en ondersoekende projekte.

6.1.7 Nobelprys vir Letterkunde



Prof Abdulrazak Gurnah

Die 2021-Nobelprys vir Letterkunde is aan Tanzaniese outeur en STIAS-genoot prof Abdulrazak Gurnah toegeken "vir sy beginselvaste en deernisvolle deurdringing van die uitwerking van kolonialisme en die lot van die vlugteling in die kloof tussen kulture en kontinente" [uit Engels vertaal]. Prof Gurnah is die eerste Tanzaniese skrywer

wat die Prys wen, en die eerste swart Afrikaan wat dit kon vermag sedert Wole Soyinka se toekenning in 1986.

6.1.8 NNS-toekennings




Prof Dieter Heiss



Prof Oonsie Biggs

Sewe voorste US-navorsers is in 2021 met NNS-toekennings vereer. Die toekennings is ter erkenning en viering van Suid-Afrikaanse navorsingsuitnemendheid.

Dr Isobel Brink het 'n Toekenning vir Navorsingsuitnemendheid vir Nuweling-/Opkomende Navorsers ontvang, wat besondere navorsingsuitnemendheid deur huidige houers van Thuthuka-beurse erken. Dr Nicholas Spaul het 'n P-gradering ontvang – die hoogste gradering moontlik vir navorsers jonger as 35. Dr Spaul is tans die enigste P-gegradeerde



NSTF/South32-toekennings: finaliste

ekonoom in die land. Profs Dieter Heiss, Elmi Muller en Oonsie Biggs het almal hulle eerste A-gradering ontvang. Prof Cornelius van der Merwe het sy derde A-gradering ontvang, terwyl prof Andries Engelbrecht sy tweede A-gradering ontvang het. 'n A-gradering is onbetwisbare bevestiging dat hierdie navorsers onder hulle eweknieë as toonaangewende internasionale vakkundiges op hulle onderskeie gebiede beskou word op grond van die hoë gehalte en sterk impak van hulle onlangse navorsingsuitsette.

6.1.9 NSTF/South32-toekennings: finaliste

Soos in vorige jare is die US goed by die jaarlikse NSTF-South32-toekenning (die Nasionale Wetenskap- en Tegnologieforum in vennootskap met South32) verteenwoordig met ses finaliste wat op 30 September 2021 by Suid-Afrika se "Wetenskap-Oscars" om die 2020/2021-toekennings meegeding het. Hulle is, van links na regs op die foto's hier bo, dr Caitlin Uren (Suid-Afrikaanse Databasis vir Mensgenetika), prof Soraya Bardien (Molekulêre Biologie en Mensgenetika), dr Wynand Goosen (Molekulêre Biologie en Mensgenetika), prof Anton du Plessis (Fisika), prof Eileen Hoal-Van Helden (Molekulêre Biologie en Mensgenetika), en dr Madelein Kley (Innovus: Kantoor vir Tegnologie-oordrag).

6.1.10 ATKV-Woordveertjie-toekennings



V.l.n.r. prof Stephanus Muller, dr Stephanie Vos, dr Willem Anker

Prof Stephanus Muller, dr Stephanie Vos en dr Willem Anker, almal verbonde aan die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe, en US-alumnus mnr Pieter Odendaal is met ATKV-Woordveertjies vir hulle buitengewone literêre bydraes vereer. Woordveertjies word elke jaar toegeken ter erkenning van uitsonderlike prestasies in Afrikaanse literêre kuns.


6.1.11 2021-commendatio van Japannese Minister van Buitelandse Sake



Prof Scarlett Cornelissen

Prof Scarlett Cornelissen van die Departement Politieke Wetenskap het die 2021-commendatio van die Minister van Buitelandse Sake van Japan ontvang. Die Japannese regering ken hierdie commendatio's aan individue en groepe vir uitsonderlike prestasies op internasionale gebied toe ter erkenning van bydraes tot internasionale betrekkinge. Prof Cornelissen is vereer vir haar "bevordering van wedersydse begrip tussen Japan en die Republiek van Suid-Afrika" [vertaal uit Engels].

6.1.12 Toekening vir Sosiale Wetenskappe en Humaniora



Prof Jonathan Jansen

bydraes tot die sosiale en geesteswetenskappe gemaak het.

Prof Jonathan Jansen, uitgelese professor aan die Fakulteit Opvoedkunde, het die 2020/21-Medalje vir Sosiale en Geesteswetenskappe – 'n gesamentlike onderneming van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) en Universiteite Suid-Afrika (USAf) – ontvang. Die Medalje word jaarliks toegeken aan vakkundiges wat by wyse van hulle navorsing uitnemende

6.1.13 Franse ridderskap in landbou



Prof Benoit Divol

Die Franse regering het 'n seremoniële ridderskap, *Chevalier dans l'Ordre du Mérite Agricole* ('Ridder in die Orde vir Landboukundige Verdienste'), in 2020 aan prof Benoit Divol toegeken. Hy is medeprofessor in die Departement Wingerd- en Wynkunde en navorser by die US Suid-Afrikaanse Wingerd- en Wynnavorsingsinstituut.

Die Orde is in 1883 gestig, en

137 later is prof Divol die enigste persoon met Suid-Afrikaanse bande wat ooit die ridderskap ontvang het. Dit was ter erkenning vir sy wetenskaplike bydraes sowel as sy werk om navorsingsamewerking tussen Frankryk en Suid-Afrika te bevorder, veral op die gebied van wingerd- en wynkunde.

6.2 Genootskappe en toekennings

6.2.1 L'Oréal-UNESCO-toekennings



Dr Rouxjeane Venter and PhD student Emogine Marnabolo

Twee opkomende vrouewetenskaplikes aan die US het navorsingstoekennings as deel van L'Oréal-UNESCO Vir Vroue in die Wetenskap se Suid-Afrikaanse Nasionale Program vir Jong Talent ontvang. Die program val binne die raamwerk van die L'Oréal-UNESCO Vir Vroue in die Wetenskap-vennootskap, wat in 1998 tot stand gekom het.

Dr Rouxjeane Venter en PhD-student Emogine Marnabolo het die toekennings, onderskeidelik in die nadoktorale en doktorale kategorieë, vir hulle baanbrekernavorsing ontvang. Hulle tel onder ses vrouewetenskaplikes vanoor Suid-Afrika wat by 'n toekeningseremonie vir die 2020/2021-wenners in Johannesburg vereer is.

6.2.2 EDCTP-vennootskap



Dr Suvetha Moodley

Dr Suventha Moodley, 'n TB-navorsers aan die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW), het 'n driejaar-loopbaanontwikkelingsgenootskap van die Vennootskap van Europese en Ontwikkelende Lande vir Kliniese Proewe (EDCTP) losgeslaan. Sy is 'n nadoktorale navorsingsgenoot in die Navorsingsgroep vir Kliniese Mikobakteriologie en Epidemiologie (CLIME) binne die Afdeling Molekulêre Biologie en Mensgenetika aan die Fakulteit.

Dr Suventha Moodley, 'n TB-navorsers aan die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW), het 'n driejaar-loopbaanontwikkelingsgenootskap van die Vennootskap van Europese en Ontwikkelende Lande vir Kliniese Proewe (EDCTP) losgeslaan. Sy is 'n nadoktorale navorsingsgenoot in die Navorsingsgroep vir Kliniese Mikobakteriologie en Epidemiologie (CLIME) binne die Afdeling Molekulêre Biologie en Mensgenetika aan die Fakulteit.

6.2.3 GC Africa-navorsingstoekening



Prof Erick Strauss

Die toekening maak deel van die Grand Challenge Africa- (GC Africa-)program uit, wat ingestel is op wetenskaplike innovering onder Afrika-leierskap om lande te help om die VN se VOD's te bereik deur "groot, waagmoedige, beduidende, innoverende idees" te ondersteun "wat die potensiaal het om trefkrag, groei en volhoubaarheid mee te bring" [vertaal uit Engels].

Prof Erick Strauss, spesialis in chemiese biologie in die Departement Biochemie aan die Fakulteit Natuurwetenskappe, het 'n R1,4 miljoen-toekening ontvang wat oor die volgende drie jaar uitbetaal word om 'n unieke benadering tot die ontdekking van nuwe antimikrobiese agente te ondersoek.

6.2.4 IMW-beurs om 'n meesterwynmaker te raak



Dr Erna Blancquaert

internasionaal gerekende meesterwynmakersprogram te volg.

US-wingerdboukundige en navorsers dr Erna Blancquaert is een van slegs twee persone wêreldwyd wat die 2021-Taylor's Port Golden Vines-studiebeurs vir diversiteit ontvang het. Die beurs van £55 000 (±R1,13 miljoen) het dit vir haar moontlik gemaak om die The Institute of Masters of Wine (IMW), in die Verenigde Koninkryk, se

6.2.5 Genootskap aan die Peter Wall-instituut, Universiteit van Brits-Columbië



Prof Rika Preiser

van hulle loopbaan 'n jaar residensietyd by die Instituut om samewerkende, interdisiplinêre navorsing te onderneem wat hulle denkwyse verbreed. Die Instituut streef daarna om kohorte en gemeenskappe van vakkundigheid te skep wat tyd sowel as geografie oorspan deur samewerking tussen vakkundiges vanuit diverse agtergronde te fasiliteer sodat hulle diepgaande en ongebonde navorsing kan onderneem oor die grondliggendste vrae en uitdagings wat die mensdom in die gesig staar.

Prof Rika Preiser van die US Sentrum vir Volhoubaarheidsoorgange (SVO) het 'n genootskap vir die akademiese jaar Augustus 2021 tot Julie 2022 by die Peter Wall-instituut vir gevorderde studies aan die Universiteit van Brits-Columbië, Kanada, ontvang. Die Wall-studiebeursprogram bied akademiese vanuit alle dissiplines en in enige fase

6.2.6 Raikes-medalje van die Suid-Afrikaanse Chemiese Instituut (SACI)



Dr Katherine de Villiers

van die Instituut wat jonger as 40 is en wie se chemiese navorsing uitsonderlike belofte toon.

Die SACI het dr Katherine de Villiers vir die derde keer in haar akademiese loopbaan as chemikus vereer vir haar uitmuntende bydrae tot navorsing op hierdie gebied. Dr De Villiers, senior lektor in bio-anorganiese chemie in die Departement Chemie en Polimeerwetenskap, het die SACI se Raikes-medalje vir 2021 verower. Die vergulde medalje, asook 'n geldprys van R2 500, word jaarliks toegeken aan 'n lid

6.2.7 Harry Oppenheimer-genootskap 2020



Prof Pumla Gobodo-Madikizela

hoe die kunste – eerder as vergifnis en versoening – aangewend sou kon word om 'n herstellende en transformerende visie na te streef. Hierdie werk sal 'n belangrike vormende faktor wees in ernstige debatvoering oor die navorsingsfokus. Prof Gobodo-Madikizela beklee die Suid-Afrikaanse nasionale navorsingsleerstoel in gewelddadige geskiedenis en transgenerasionele trauma.

Prof Pumla Gobodo-Madikizela van die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe het die 2020-Harry Oppenheimer-genootskap ontvang. Haar voorgename projek, met die titel '*Aesthetics of Trauma, Poetics of Repair*', handel oor hoe trauma herbedink kan word. Dit fokus op historiese trauma en die transgenerasionele nagevolge daarvan. Die projek sal ondersoek

6.2.8 Fulbright-navorsingstudiebeurs



Prof Ronelle Carolissen

Prof Ronelle Carolissen van die Departement Opvoedkundige Sielkunde is as Suid-Afrikaanse Fulbright-navorsingsbeurshouer vir die akademiese jaar 2021/2022 aangewys. Sy het die studiebeurs ontvang vir haar werk oor dekoloniale teorie, inklusiewe burgerskap, tuishoort, sosiale pedagogieë en meer.

6.2.9 Navorsingstoekening deur die VK- mediese navorsingsraad (UKMRC)



Prof Sarah Skeen

Prof Sarah Skeen van die FGGW het 'n navorsingsbeurs ter waarde van £638 050 (±R13,1 miljoen) van die UKMRC ontvang. Skeen, Mededirekteur: Instituut vir Gesondheidsnavorsing oor Lewensverloop (IGL) in die Departement Globale Gesondheid, gaan 'n optimaliserings- en -uitvoerbaarheidsproefneming, 'If I Were Thabo', doen. Dit is

'n gendertransformerende intervensieprojek oor seksuele en reproductiewe gesondheid wat op jong adolessente in Khayelitsha en Maseru (Lesotho) toegespits is.

6.2.10 EDCTP-toekening vir nuweling- tot midloopbaanavorsers



Dr Moleen Dzikiti

Dr Moleen Dzikiti van die Afdeling Epidemiologie en Biostatistiek het 'n toekening van meer as R2,6 miljoen ontvang om babavoedingspraktyke te bestudeer onder vroue wat met MIV leef. Die toekening kom van die EDCTP, 'n EU-ondersteunde openbare-vennootskap tussen lande in Europa en in Afrika suid van die Sahara.

Die befondsing is toegeken in antwoord op 'n oproep deur die EDCTP vir voorleggings om nuweling- of midloopbaanavorsers te ondersteun deur aan hulle geleenthede te bied om opleiding te ontvang en kliniesnavorsingsvaardighede te ontwikkel oor armoedeverwante siektes en kinder-adolessentegesondheid.

6.2.11 NIH- en EDCTP-beurse om pediatriese tuberkulose te bestudeer



Dr Marieke van der Zalm

Dr Marieke van der Zalm het drie internasionale toekennings met 'n gesamentlike waarde van R44 miljoen ontvang om verskillende aspekte van tuberkulose (TB) en longgesondheid onder kinders te bestudeer. Twee van die toekennings kom van die Amerikaanse Nasionale Gesondheidsinstitute (NIH) in die VSA en die derde kom vanaf die EDCTP; al

drie word oor vyf jaar uitbetaal. Dr Van der Zalm werk by die Desmond Tutu TB Sentrum in die Departement Pediatrie en Kindergesondheid. Sy is hoofnavorsers (HN) vir 'n groot voorgenome waarnemingstudiekoort wat ten doel het om die diagnose van TB onder kinders te verbeter en die langtermyngevolge van TB en ander respiratoriese patogene onder jong kinders na te vors.

6.2.12 L'Oréal Vir Vroue in die Wetenskap-genootskap



Ms Hannah Simba

Me Hannah Simba van die US Afrika Kankerinstituut (AKI), wat 'n PhD-kandidaat in Openbare Gesondheid is, het L'Oréal Vir Vroue in die Wetenskap in Afrika Suid van die Sahara se genootskap vir PhD-studies ontvang. Haar navorsing handel oor kanker en is getiteld 'The role of genetic and environmental factors in the aetiology of oesophageal cancer'. Me

Simba was in 2020 een van 11 ontvangers van die Margaret McNamara-toekening vir onderwys wat US\$7 000 (±R106 000) werd is. Dit het haar in staat gestel om hierdie siekte in fyner besonderhede te bestudeer.

6.2.13 NIH-toekening: die uitwerking van blootstelling aan MIV en ARV-terapie op kinders



Prof Amy Slogrove

Prof Amy Slogrove, pediater en epidemioloog in die Departement Pediatrie en Kindergesondheid, het 'n toekening van US\$2 225 382 (±R33,7 miljoen) van die NIH ontvang vir navorsing wat hoogs tersaaklik vir Suid-Afrika, veral die Wes-Kaap, is. Sy gaan die toekening aanwend om die uitwerking van blootstelling aan MIV en antiretrovirale

(ARV-)behandeling te bestudeer op oorlewing en morbiditeit onder kinders wat aan MIV blootgestel is maar ongeïnfekteer gebly het. Die kohort sal vergelyk word met kinders wat nie aan MIV blootgestel is óf daarmee geïnkteer is nie maar met soortgelyke sosio-ekonomiese, voedingkundige en omgewingstremmings op gesondheid leef in 'n konteks waar 'n hoë voorkoms van MIV is.

6.3 ECAD-program vir die ontwikkeling van nuwelingakademici

ECAD is 'n gestruktureerde US-program vir nuweling-akademici. Die ANO bestuur dit met befondsingsteun vanaf die DHOO se Universiteitsvermoëbutoelaag (Eng. UGCD). Die program sluit 'n mentorskomponent in wat 130 nuweling-akademiese personelede en ervare mentors in 2021 bymekaargebring het. Die deelnemers het ook gebaat by toekennings vir loopbaanvordering en toegang tot verskeie geleenthede vir vermoëbou en vaardigheidsontwikkeling wat die Universiteit via interne en eksterne verskaffers aangebied het.

6.4 US Nadoktorale Navorsingsgenoot-program

Die genote kom vanuit al tien fakulteite, maar die meerderheid is by Natuurwetenskappe, FGGW, Lettere en Sosiale Wetenskappe, AgriWetenskappe en Ingenieurswese. Die nadoktorale genootskappe is so te sê gelykop tussen Suid-Afrikaanse en internasionale navorsers verdeel, en die verdeling volgens geslag is gelykop. In die strategiese strew

om 'n toonaangewende navorsingsuniversiteit in Afrika te wees, is die US daartoe verbind om jong navorsers te ontwikkel as dryfkrag vir navorsing met impak in Suid-Afrika, die res van Afrika en die wêreld. Hierdie program is bewys daarvan. Die VR: NI&NS heg groot waarde aan hierdie studente en het grootse planne om die nadoktorale kohort binne die volgende twee jaar tot 500 uit te brei. Dit is belyn met die Universiteit se strategie en visie om globale impak te hê.


Nadoktorale navorsingsgenote ondersteun die US in die instelling se navorsingswerkzaamhede deur bystand te verleen met nagraadse studieleiding, onderrig, aansoeke om navorsingstoekennings en – die heel belangrikste – publikasie-uitsette. In hierdie ontwikkelingsfase van hulle akademiese loopbaan onderneem nadoktorale genote aan die US onafhanklike navorsing onder mentorskap van 'n senior navorser. Die Kantoor vir Nadoktorale Navorsingsondersteuning werk hard om die nadoktorale gemeenskap te ondersteun deur bystand met administratiewe sake te verleen, asook met professionele en loopbaanontwikkeling.

6.5 Nadoktorale studies in 2021


6.5.1 Demografie van nadoktorale genote

Geslag en nasionaliteit (n = 268)

Die verdeling tussen Suid-Afrikaners en buitelanders was omtrent gelykop: 56,6% (198) Suid-Afrika, 22,4% (60) ander Afrikalande en 20,9% (56) ander lande.



Figuur 20: Verdeling van US- nadoktorale genote volgens geslag



Figuur 21: Totale getal US- nadoktorale genote 2009–2021

Die US se nadoktorale genote is gelykop tussen die geslagte verdeel.

6.5.2 Finansiële aangeleenthede

Totale befondsing vir nadoktorale studies in 2021 het R68 345 397,80 beloop, met individuele nadoktorale beurse wat tussen R200 000 en R920 000 per jaar gewissel het. Die befonders was, onder meer, die Universiteit (via die fakulteite, subkomitees, departemente en VR se strategiese fondse), die **NNS (grootste befondser – 88% – na nadoktorale studies)**, eksterne stigtings (die Mellon-stigting en Claude Leon-stigting) en befonders uit die bedryf (HortGro, Sasol, die Citrus Research Institute en die Volkswagen-stigting). Die meeste nadoktorale genote is befonds deur die FGGW (20; 7,5%), die NNS – via Grantholder Linked (29; 10,9%), die Suid-Afrikaanse Navorsingstoelinisiatief oftewel SARChI (19; 7,1%) en subkomitees (26; 9,7%).

6.5.3 Afname in NNS-befondsde genootskappe

Weens 'n tekort aan fondse is minder NNS- nadoktorale navorsingsgenootskappe aan die US toegeken. Die mededinging om vrystaande befondsing en dié vir innovasie- en skaars vaardighede is straf. Daarby kom 'n aantal uitdagings wat gelykheid betref.

6.5.4 Suider-Afrikaanse Konferensie oor Nadoktorale Navorsing

Die tweede Suider-Afrikaanse Konferensie oor Nadoktorale Navorsing het vanaf 10 tot 12 November 2021 virtueel plaasgevind. Daar was 152 afgevaardigdes uit 14 lande, onder meer die VSA, VK en VAE. Besoek www.postdocsa.co.za vir meer inligting.

Die Konferensie se tema was 'Beyond the pandemic' – oor huidige en toekomstige navorsing, en die onderwerpe is oor 12 simposia versprei: Waternavorsing; Sake en ekonomie; Die reg te midde van die pandemie; Grond, landbou en voedselsekerheid; Opvoeding, kommunikasie en die wetenskap; Innovasie wat die toon vir die toekoms aangee; Kuns en kultuur; Bakteria en virusse; Menslikheid te midde van die pandemie; Oefening, gesondheid en welstand; Algemene wetenskap; en Navorsingsmodelle. Die 50 sprekers en 15 plakkaataanbiedings het die volgende ingesluit:

- prof Sehaam Khan, Adjunkdekaan: Gesondheidswetenskappe, UJ – hoofspreker;

- prof Joel Chigada, Departement Informasiestelsels, UWK – hoofspreker;
- dr Richard Munang, Verenigde Nasies Omgewingsprogram (UNEP) Afrikakantoor, Nairobi, Kenia – hoofspreker, en
- prof Tulio De Oliveira, Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke, US – plenêre spreker.

Prof Eugene Cloete, VR: NI&NS, het insyverwelkomings-toespraak die belangrike rol van nadoktorale studies uitgewys, asook die toonaangewende rol van die US in die ontwikkeling van inisiatief met die oog daarop om bewustheid te kweek en ondersteuning te bekom, en om befondsingsmeganismes op te bou wat nadoktorale studies in Suid-Afrika, die res van Afrika en die wêreld sal ondersteun.

Die Konferensie het die onderstaande gulhartige geldborgskappe ontvang:

- Diamantborge – die Departement Wetenskap en Innovasie (>R60 000) en Clarivate (>R40 000);
- Silwer Borge – Whitesci (>R20 000) en The Scientific Group (>R20 000), en
- Brons Borge – COMETA (>R5000) en Harvard Universiteit (>R5000).

Daarby is niegeldelike borgskappe van Whole Person Academy, die LaunchLab en Science Bridge ontvang. Die Konferensie het meer as R120 000 aan inskrywingsgeld vanaf deelnemers ingebring.

6.5.5 Toekennings vir Nadoktorale Genote aan 20 topgenote

Nadoktorale genote dra aansienlik tot akademiese prestasie aan die Universiteit by. Ter erkenning hiervan het die VR: NI&NS die Toekennings vir Nadoktorale Genote in 2017 ingestel om die toppresterders onder nadoktorale genote aan die US te vereer. Dit raak elke jaar moeiliker om die ontvangers uit te kies. Genote word gemeet aan die hand van hulle akademiese rekord in die vorm van publikasiegetalle, konferensie-aanbiedings en ander uitsette; die toekennings en fondse wat hulle kon bekom; akademiese dienslewering in die vorm van onderrig en studieleiding; eweknie-beoordeling onder die akademiese gemeenskap; en gemeenskapsdiens.

Die 20 voorste genote aan die US is in November 2021 aangekondig en het hulle toekennings by die gala-afsluiting van die tweede Suider-Afrikaanse Konferensie oor Nadoktorale Navorsing ontvang. Elke pryswenner het 'n sertifikaat en 'n R10 000-kontantprys ontvang.



Die ontvangers van Toekennings vir Nadoktorale Genote in 2021

Tabel 14: Nadoktorale Genote 2021

Naam	Fakulteit	Departement
Amaris Dalton	Ingenieurswese	Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese
Anandi Bierman	AgriWetenskappe	Bewaringsekologie en Entomologie
Brandon Reynecke	Natuurwetenskappe	Mikrobiologie
Caroline Beltran	FGGW	Molekulêre Biologie en Mensgenetika
Munyaradzi Chihota	Ingenieurswese	Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese
Daniel Standaer	Lettere en Sosiale Wetenskappe	Afrikaans en Nederlands
Haiko Schurz	FGGW	Biomediese Wetenskappe
Jared Van Rooyen	Natuurwetenskappe	Aardwetenskappe
Jeanine Vonkeman	Ingenieurswese	Siviele Ingenieurswese
Josu Gomez-Ezeica	FGGW	Sportwetenskap
Leigh Kotze	FGGW	Molekulêre Biologie en Mensgenetika
Lovemore Kunorozva	Natuurwetenskappe	Fisiologiese Wetenskappe
Madhurananda Pahar	Ingenieurswese	Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese
Marnus Havenga	Lettere en Sosiale Wetenskappe	Lettere en Sosiale Wetenskappe (akademies)
Owolabi Eytayo	FGGW	Globale Gesondheid
Paul Eselem Bungu	Natuurwetenskappe	Chemie en Polimeerwetenskap
Sanita Van Wyk	Natuurwetenskappe	Mikrobiologie
Teun Van Erp	FGGW	Ortopediese Chirurgie
Tobi Fadji	AgriWetenskappe	Hortologie
Winschau Van Zyl	Natuurwetenskappe	Mikrobiologie

6.6 Merkwaardige nadoktorale prestasies en pryse

Dr Natassja Kriel van die US Sentrum van Uitnemendheid in Biomediese Tuberkulose navorsing het in Desember 2021 'n VALIDATE Network-genootskap ontvang. Dit word deur die Bill en Melinda Gates-stigting befonds.

'n Projek wat dr Blake Balcomb van die Departement Fisiologie onderneem het, het data ingesamel wat befondsing help bekom het vanaf Grand Challenges Africa (GC Africa) – 'n program wat via die Alliansie vir die Versnelling van Wetenskap in Afrika (die Afrika Akademie vir Wetenskappe se platform vir befondingsen program implementering) bedryf word in vennootskap met die Afrika-unie se Ontwikkelingsagentskap en die Bill en Melinda Gates-stigting. Dr Balcomb koördineer die projek, onder studieleiding van prof Erick Strauss, saam met dr Anton Hamann ('n mede- nadoktorale navorser) en Tim Kotze ('n PhD-student). Lees meer by http://www.sun.ac.za/english/Lists/news/_DispForm.aspx?ID=8712.

Die vaktydskrif Learned Publishing het dr Francois Van Schalkwyk van die US Sentrum vir Navorsing oor Evaluasie, Wetenskap en Tegnologie (CREST) op hulle redaksie aangestel: <https://onlinelibrary.wiley.com/page/journal/17414857/homepage/editorialboard.html>.

Dr Lindani Moyo van die Departement Plantpatologie het 'n toekenning vanaf die Oppenheimer-gedenktrust ontvang.

6.7 Nuwe aanstellings

Dr Philippa Kerr van die Departement Sosiologie het 'n nuwe pos as medeprofessor in sosiale sielkunde aan die Noorweegse Universiteit vir Wetenskap en Tegnologie in Trondheim aanvaar.

Die Wêreldbank het dr Chioma Ohajungwa van die Sentrum vir Rehabilitasiestudies uitgenooi om 'n paneellid te wees vir 'n groepsessie by die Globale Spitsberaad oor Gestremdheid 2022 getiteld 'Every learner matters', waar deelnemers ervarings uit die Wêreldbank se programme oor gestremdeheidsinklusiewe onderwys uitruil. Sy het die Wêreldbank se kompetisie vir blogs oor hulle inisiatief vir inklusiewe opvoeding gewen met haar inskrywing 'Local knowledge is key to creating globally aware policies in disability-inclusive education' (7 Oktober 2021; <https://www.inclusive-education-initiative.org/blog/local-knowledge-key-creating-globally-aware-policies-disability-inclusive-education>).



Dr Sherif Isa van die FGGW het gehelp om 'n pyn-/neurowetenskap-laboratorium met toerusting op die voorpunt van tegnologie op die been te bring waar nagraadse studente opgelei en toegerus kan word in verband met pynnavorsingstegnieke en neurogedragsvaardighede. Die totstandbringende van die laboratorium is verder

Dr Chioma Ohajungwa

vordering in die opbou van sterk navorsingsamewerking tussen basiese wetenskappe (Geneeskundige Fisiologie) en kliniese wetenskappe (Anesthesiologie en Kritieke Sorg).

Nadoktorale navorsingsgenote **drs Deon Neveling en Wilma van Rensburg** het albei Innovus Inventors-toekennings ontvang.

Die Consolidoc-prys vir Beste PhD is aan **dr JP du Toit** van die Departement Prosesingenieurswese toegeken. Sy projek ondersoek ingenieurstrategie wat waterstofproduksie met behulp van fotosintetiese bakteria verbeter, wat 'n skoon, hernubare energiebron uit organiese afvalprodukte sal voortbring. Met daardie doel voor oë het hy 'n nuwe, deursigtige immobiliseringsmateriaal ontwikkel wat voortdurende produksie moontlik maak, en hy het met navorsers aan die Universiteit van Cambridge, VK, saamgewerk aan 'n doeltreffende genetiese modifikasietegniek wat metaboliese vervaardiging van die bakteria moontlik maak en hoër waterstofproduksie lewer. Die werk is in die hoog aangeskrewe vaktydskrif ACS Synthetic Biology gepubliseer.

6.8 Groeiende getalle Consolidocs


Die Consolidoc-program is 'n spesiale nadoktorale program wat die VR: NI&NS sedert befonds. Befondsing is aanvanklik ad hoc toegeken. Die program is in 2014 amptelik geloods en is daarop gemik om nuwe doktorale kandidate vanuit alle navorsingsgebiede 'n hupstoot in hulle navorsingspublikasieloopbaan te gee. Hierdie genootskappe is bedoel om doktorale studente die gaping te help oorsteek tussen graduering en aanstelling in 'n pos, hetsy as nadoktorale genoot op die langer termyn of as voltydse werknemer. Die program het uiters gewild en mededingend geraak. Ons het 54 Consolidocs in 2021 ingeskryf wat deur verskillende departemente, subkomitees en die VR se strategiese fondse gedra word.

6.9 Ondersteuning vir die US se groeiende getal uitsonderlike NNS-gegradeerde navorsers

Die US ondersteun die NNS-graderingstelsel – nie slegs as kwalitatiewe, eweknie-beoordeelde maatstaf van uitnemendheid nie, maar ook as 'n deurgang tot uitgesoekte mededingende NNS-befondsingsprogramme. Die ANO bestuur die NNS-

graderingsprogram. Die Afdeling bedryf 'n deeglike interne oorsigproses wat navorsers ondersteun met voorbereiding vir hulle graderingsaansoek. Dit sluit in dat 'n mentor aan elke aansoeker toegeken word om hulle te help om hulle aansoek gereed te kry vir voorlegging.


Vir die huidige rondte voorleggings is 91 aansoeke vir evaluering aan die drie navorsingssubkomitees voorgelê. Die subkomitees se taak is om die institusionele aanbeveling uit te reik wat voorlegging aan die NNS moet voorafgaan. Uit die 91 aansoeke wat voorgelê sal word, is 51 aansoeke om herevaluering van 'n gradering, terwyl 40 nuwe aansoeke is.



Figuur 22: Getal NNS-graderingsaansoeke vir evaluering voorgelê 2017–2022

6.10 Getal NNS-gegradeerde navorsers aan die US 2016–2021

Die getal graderingsaansoeke wat aan die NNS voorgelê is, het oor die afgelope ses jaar relatief konstant gebly. Die afname in aansoeke wat vir 2019 voorgelê is (sluitingsdatum Januarie 2019) mag die gevolg wees van die aansienlike veranderings en onsekerhede rakende die NNS-aansporingsbefondsingskema. Te oordeel na die aansoeke wat in 2020 en 2021 voorgelê is en dié wat in 2022 voorgelê sal word, het die tendens blykbaar na die rigting van voor 2019 teruggeswaai.



Figuur 23: Toename in NNS-gegradeerde navorsers aan die US 2017–2022

6.11 Toekomstige Professors-program (TPP)

Die TPP is 'n mededingende en selektiewe program van die DHOO wat as oogmerk het om belowende midloopbaan-akademici daarop voor te berei om 'n nuwe kohort Suid-Afrikaanse professors oor dissiplines heen te vorm. Dr Nox Makunga (Departement Plant- en Dierkunde) is in 2021 gekies om by die Program aan te sluit. Daarmee het die getal US-deelnemers op ses te staan gekom.

6.12 SARChI-leerstoele hernu

Ons is in ons skik daarmee dat die Suid-Afrikaanse navorsingsleertoel in integrerende skeletspierbiologie, wat deur prof Kathy Myburgh bekleë word, hernu is. Prof Mehita Iqani het prof Peter Weingart as bekleër van die Suid-Afrikaanse navorsingsleertoel in wetenskapkommunikasie vervang.

6.13 ANO kapasiteitsbouprogram en -inligtingsessies

Die ANO bied elke jaar verskeie werk- en inligtingsessies oor navorsingsvermoënbou aan. Die Afdeling het aan die einde van 2021 'n meningsopname gehou om te bepaal wat die besondere behoeftes van ons navorsingsgemeenskap is, waarop ons 'n paar nuwe sessies in die 2022-program opgeneem het. Die werksessies oor navorsingsvermoënbou fokus op verskeie aspekte van die navorsingsiklus, terwyl die inligtingsessies handel oor die dienste en ondersteuning wat die ANO bied.

Meer inligting oor sekere werk- en inligtingsessies sowel as die inskrywingsproses sal voor elke geleentheid geadverteer word. Programme vir die werk- en inligtingsessies oor vermoënbou is by <http://www.sun.ac.za/english/research-innovation/Research-Development/research-calendar> beskikbaar.

7. Bedankings

Dr Therina Theron en haar span, me Ellen Tise en haar span – vir hulle insette en bydraes tot die verslag;

me Elbie Els – vir die uitleg van die verslag, en

mee Maryke Hunter-Hüsselmann, Ilse de Lange en Inge-Rae Scholtz – vir die koördinerings van die verslag.



Vriendelike groete

Prof TE Cloete
Viserektor: Navorsing, Innovasie en
Nagraadse Studies



Stellenbosch

UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

SENAATSVERSLAG

van die Viserektor:

Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies

Prof TE Cloete
Maart 2022